## Gedeeldelees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: SOEKLEES**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Dintle kuier by Dumi**<br>Dintle se tannie Mbali, het 'n operasie ondergaan. Sy het by die huis herstel. "Tannie Mbali het hulp by die huis nodig!" het Dintle se ma vertel. "Ons vertrek vroeg môre oggend. Gaan pak jou sak vir die naweek!" het Dintle se ma gesê Dintle.<br>Dintle was hartseer want haar tannie Mbali, was nie gesond nie, maar sy was opgewonde om haar niggie, Dumi te sien. Dintle het haar klere en haar tandeborsel in haar tas gepak. Toe maak sy 'n pragtige kaartjie vir tannie Mbali. Sy het blomme op die voorblad geteken en 'n mooi boodskap binne in die kaartjie geskryf. "Dit sal haar beter laat voel!" het Dintle gedink, toe sy haar harde werk bewonder. | **Hoekom voel Dintle opgewonde?** O! Sy was opgewonde om vir haar niggie, Dumi te gaan kuier.<br>O! Sy voel opgewonde om vir haar niggie Dumi te gaan kuier! |
| Dintle se ma het haar vroeg wakker gemaak. "Kom! Maak gou!" het haar ma vir haar gesê, "Dit is 'n lang rit en ons wil nie te laat daar aankom nie!"<br>Dintle was knorrig, omdat sy so vroeg moes opstaan, maar sy was opgewonde om haar niggie Dumi te sien. Sy het aangetrek en toe het sy en haar na die taxistaanplek toe geloop. | **Hoekom was Dintle opgewonde?**<br>O! Sy opgewonde om haar niggie Dumi te sien. |
| Dintle en haar ma was heel dag in die taxi. Teen die tyd dat hulle by Tannie Mbali se huis aangekom het, was dit reeds 8 uur in die aand. Toe Dumi vir Dintle sien het sy met blydskap geskreeu, "Kom ons gaan speel!"<br>"Nie vanaand nie!" het Dumi se ma gesê. "Dit is reeds donker buite! Julle moet aandete eet en reg maak om bed toe te gaan!"<br>Dintle was so opgewonde om haar niggie Dumi te sien, maar sy was teleurgesteld dat dit te laat was om te gaan speel. Dintle het stil haar aandete geëet. Sy het na Tannie Mbali geluister toe sy haar ma van die operasie vertel. | **Hoekom was Dintle so opgewonde?**<br>O! Sy was opgewonde om haar niggie Dumi te sien! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Vir die volgende twee dae het Dintle en Dumi saam gespeel. Hulle het boeke gelees, sokker gespeel en paddas by die rivier gaan vang. Dintle was so gelukkig om by haar niggie Dumi te wees. Terselfdetyd was sy angstig, want sy het geweet dat haar tyd met haar niggie amper verby was. | **Hoekom was Dumi so gelukkig?**<br><br>O! Ek kan sien dat sy gelukkig was om by haar niggie te wees kuier. |
| Sondagaand het Dintel se ma gesê, “Ons gaan môre huis toe! Jy kan nie nog skooldae mis nie.” Dintle het geweet hierdie oomblik gaan aanbreek, maar sy was steeds hartseer. Sy was glad nie opgewonde om huis toe te gaan nie.<br><br>Dumi en Dintle het na Dumi se slaapkamer toe gegaan. “Ons het vir jou ’n vroeë verjaardagpresent gekry!” het Dumi gesê en boks vir Dintle aangegee. Dintle het die boks oopgemaak en ’n donserige teddiebeer daar binne gevind! | -- |
| Dintle se ma het haar vroeg die volgende oggend wakker gemaak.<br><br>“Kom! Maak gou!” het haar ma vir haar gesê, “Dit is ’n lang rit en ons wil nie te laat by die huis aankom nie!”<br><br>Dintle was hartseer om haar niggie Dumi se huis te verlaat, maar toe sy in die taxi sit het sy opgewonde gevoel, om haar nuwe teddiebeer vir haar skoolmaats te wys! | **Hoekom was Dumi opgewonde?**<br><br>O! Sy was opgewonde om vir haar skoolmaats die nuwe teddiebeer te wys wat Dumi vir haar gegee het. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoe het Dintle gevoel toe sy vroeg moes opstaan? | Sy was knorrig. |
| Wat was binne in die boks wat Dumi vir Dintle gegee het? | Daar was ’n teddiebeer binne in die boks. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom was Dintle opgewonde? | • Sy was opgewonde om haar niggie Dumi te sien.<br>• Sy was opgewonde om vir haar niggie te gaan kuier.<br>• Sy was opgewonde om haar vriende haar nuwe teddiebeer te wys.<br>• Miskien was sy ook opgewonde om vir haar maats van haar tyd saam met Dumi te vertel. |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

**1** Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
**2** Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
**3** Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
**4** Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
**5** Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
**6** Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
**7** Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
**8** Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
**9** Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 1

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- teleurgesteld
- angstig
- kompetisie

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Jy kan my lees soos 'n boek | *Maak asof jy lees* |
| Trane sê my hart is seer | *Wys na "trane" op jou wange* |
| 'n Frons sê ek wil nie meer | *Frons* |
| 'n Skewe mond sê ek is vies, maar 'n groot gelag sê ek gaan nies! | *Trek 'n skewe mond*<br>*Begin lag en maak of jy nies* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/nk/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/nk/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **sink, drink, pienk**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: bank, tenk, drink, pienk, sink**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **nk**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

nk nk nk nk

bank bank

tenk tenk

drink drink

pienk pienk

sink sink

Ek hou baie van pienk koeldrank.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n lys van goed wat jou gelukkig laat voel en goed wat jou knorrig laat voel.

Skryf die lys met opskrifte. Hierdie lyste gaan deel wees van die klasboek vir die leeshoekie.

**OPDRAG:**

Teken 'n prentjie en maak 'n lysie deur van kommas te gebruik

**SKRYFRAAMWERK:**

Goed wat my knorrig laat voel:

1 ____
2 ____
3 ____
4 ____ en ____ maak my gelukkig, maar ____ en ____ maak my knorrig.

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2 Vandag gaan hulle 'n ander opskrif skryf. Hulle gaan dan 4 nuwe items onder hulle opskrif skryf.
3 Nou gaan hulle hul lysie skryf in 'n sin en kommas gebruik.
4 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
5 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
6 Verduidelik van die idees wat jy het om die nuwe dele van die skryfraamwerk te voltooi, soos: Daar is dinge wat my baie knorrig maak. Ek hou nie daarvan as iemand my wakker maak nie. Ek is baie knorrig as ek wakker gemaak word voordat ek genoeg geslaap het. Ek raak ook knorrig as ek nie genoeg geslaap het nie.
7 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou storie, soos: **Ek voel knorrig as iemand my wakker maak.**
8 **Demontreer** hoe jy verder byvoeg tot jou storie soos: **Ek voel ook knorrig as ek nie genoeg geslaap het nie.**
9 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek 'n streep vir elke woord**.**
10 **W**ys die leerders hoe om die laaste sin van die skryfraamwerk te voltooi. Verduidelik dat die laaste sin 'n opsomming is van ons lys en opskrif. Bv: **My sussie en om te lees maak my gelukkig, maar as ek nie genoeg slaap nie, dan raak ek knorrig.**
11 Verduidelik dat 'n komma en die woord 'en' die woorde op die lys van mekaar skei.
12 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**

**13** **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
**14** **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan **goed wat ons gelukkig maak.**
2. Vandag gaan ons ons lysie langer maak deur te skryf oor goed wat ons knorrig maak.
3. Vra leerders: Wat is dinge wat julle knorrig maak?
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om om te draai en te praat met ’n maat oor hulle eie idees.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou te vertel van een ding wat hulle knorrig maak.
9. Hulle moet sê: <u>Ek raak knorrig as ............</u>
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!


## SKRYFWERK

1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6. **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2. Sê aan leerders om om te draai en te praat met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Stel die leerders se werk saam in een boek. PLaas die boek in die leeshoekie sodat leerders dit kan lees in hulle eie tyd.*





Goed wat my gelukkig maak

1. lekkers
2. speel

Goed wat maak my knorrig laat voel

1. huiswerk
2. skottelgoed was

Lekkers en speel maak my gelukkig, maar huiswerk en skottelgoed was maak my knorrig.



## Groep Begeleidelees

30 minute



**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 1 het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN...**

**1** Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
**2** Sê die woord: **bang**
**3** Verdeel die woord in individuele klanke: **/b/-/a/-/ng/**
**4** 4. Sê die beginklank van die woord**: /b/**
**5** 5. Sê die middelklank van die woord: **/a/**
**6** 6. Sê die endklank van die woord: **/ng/**
**7** Skryf die woord op die bord: **bang**
**8** Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/b/-/a/-/ng/ = bang**
**9** Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **bank**

**ONS DOEN...**

**1** Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
**2** Sê die woord: **sing**
**3** Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/s/**
**4** Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/i/**
**5** Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ng/**
**6** Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/s/-/i/-/ng/**
**7** Skryf die woord: **sing**
**8** Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/s/-/i/-/ng/ = sing**
**9** Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **sink**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeeldelees: Herhaalde lees


15 minute

**LEESSTRATEGIEË: SOEKLEES**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Dintle kuier by Dumi**<br><br>Dintle se tannie Mbali, het ’n operasie ondergaan. Sy het by die huis herstel. “Tannie Mbali het hulp by die huis nodig!” het Dintle se ma vertel. “Ons vertrek vroeg môre oggend. Gaan pak jou sak vir die naweek!” het Dintle se ma gesê Dintle.<br><br>Dintle was hartseer want haar tannie Mbali, was nie gesond nie, maar sy was opgewonde om haar niggie, Dumi te sien. Dintle het haar klere en haar tandeborsel in haar tas gepak. Toe maak sy ’n pragtige kaartjie vir tannie Mbali. Sy het blomme op die voorblad geteken en ’n mooi boodskap binne in die kaartjie geskryf. “Dit sal haar beter laat voel!” het Dintle gedink, toe sy haar harde werk bewonder. | **Hoekom voel Dintle hartseer?**<br><br>O! Sy voel hartseer, omdat haar tannie Mbali siek is! |
| Dintle se ma het haar vroeg wakker gemaak. “Kom! Maak gou!” het haar ma vir haar gesê, “Dit is ’n lang rit en ons wil nie te laat daar aankom nie!”<br><br>Dintle was knorrig, omdat sy so vroeg moes opstaan, maar sy was opgewonde om haar niggie Dumi te sien. Sy het aangetrek en toe het sy en haar na die taxistaanplek toe geloop. | **Hoekom was Dintle knorrig?**<br><br>O! Sy was knorrig omdat sy so vroeg moes opstaan. |
| Dintle en haar ma was heel dag in die taxi. Teen die tyd dat hulle by Tannie Mbali se huis aangekom het, was dit reeds 8 uur in die aand. Toe Dumi vir Dintle sien het sy met blydskap geskreeu, “Kom ons gaan speel!”<br><br>“Nie vanaand nie!” het Dumi se ma gesê. “Dit is reeds donker buite! Julle moet aandete eet en reg maak om bed toe te gaan!”<br><br>Dintle was so opgewonde om haar niggie Dumi te sien, maar sy was teleurgesteld dat dit te laat was om te gaan speel. Dintle het stil haar aandete geëet. Sy het na Tannie Mbali geluister toe sy haar ma van die operasie vertel. | **Hoekom was Dintle teleurgesteld?**<br><br>O! Sy was teleurgesteld, want dit was te laat om te gaan speel. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Vir die volgende twee dae het Dintle en Dumi saam gespeel. Hulle het boeke gelees, sokker gespeel en paddas by die rivier gaan vang. Dintle was so gelukkig om by haar niggie Dumi te wees. Terselfdetyd was sy angstig, want sy het geweet dat haar tyd met haar niggie amper verby was. | **Hoekom het Dintle angstig gevoel?**<br>O! Sy was angstig, omdat sy geweet het dat sy binnekort huis toe moes gaan! |
| Sondagaand het Dintel se ma gesê, "Ons gaan môre huis toe! Jy kan nie nog skooldae mis nie." Dintle het geweet hierdie oomblik gaan aanbreek, maar sy was steeds hartseer. Sy was glad nie opgewonde om huis toe te gaan nie.<br>Dumi en Dintle het na Dumi se slaapkamer toe gegaan. "Ons het vir jou 'n vroeë verjaardagpresent gekry!" het Dumi gesê en boks vir Dintle aangegee. Dintle het die boks oopgemaak en 'n donserige teddiebeer daar binne gevind! | **Hoekom was Dintle hartseer?**<br>Sy was hartseer omdat sy huis toe moes gaan! |
| Dintle se ma het haar vroeg die volgende oggend wakker gemaak.<br>"Kom! Maak gou!" het haar ma vir haar gesê, "Dit is 'n lang rit en ons wil nie te laat by die huis aankom nie!"<br>Dintle was hartseer om haar niggie Dumi se huis te verlaat, maar toe sy in die taxi sit het sy opgewonde gevoel, om haar nuwe teddiebeer vir haar skoolmaats te wys! | **Hoekom was Dumi hartseer?**<br>Sy was hartseer om haar niggie Dumi se huis te verlaat! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoekom het Dintle en haar ma vir Dumi gaan kuier? | Omdat Dumi se ma, Tannie Mbali 'n operasie ondergaan het en het hulp by die huis nodig gehad. |
| Wat het Dintle teleurgestel? | Sy was teleurgesteld, want toe hulle by Dumi se huis aangekom het, was dit te laat om te gaan speel. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom was Dintle nie net opgewonde nie? | • Sy was hartseer, want Tannie Mbali was siek.<br>• Sy was knorrig, want sy moes vroeg opstaan.<br>• Sy was teleurgesteld, want toe hulle by Dumi se huis aangekom het, was dit te laat om te gaan speel.<br>• Sy was angstig, want sy het geweet dat sy binnekort huis toe moes gaan en sy wou nie Dumi se huis verlaat nie.<br>• Sy was hartseer om weer huis toe te gaan. |



## Groep Begeleidelees

30 minute



**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 1** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - troos
   - vreugde
   - uiteindelik

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Jy kan my lees soos 'n boek | *Maak asof jy lees* |
| Trane sê my hart is seer | *Wys na "trane" op jou wange* |
| 'n Frons sê ek wil nie meer | *Frons* |
| 'n Skewe mond sê ek is vies, maar 'n groot gelag sê ek gaan nies! | *Trek 'n skewe mond*<br>*Begin lag en maak of jy nies* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
Dintle en haar ma…
Dintle voel ……… as ……..
Dintle het gemengde gevoelens, want ………
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die bord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **ng** | **nk** | **r** |
| **b** | **a** | **i** |
| **s** | **e** | **m** |
| **t** | **p** | **d** |

#### DEMONSTRASIE

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ng/**en **/nk/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/s/-/i/-/ng/= sing**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/ng/** of **/nk/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/s/-/t/-/a/-/p/** = **stap**

#### LEERDERS DOEN...

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **ng, nk**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **ring, bang, sing, meng, bring, bank, tenk, drink, pienk, sink, stap, praat, pret, bes, mas, das**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**VERBALE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan gesels oor 2 goed wat hulle gedink het belangrik in die storie is: **Dintle kuier by Dumi.**
2. Gee 'n demonstrasie om te wys hoe leerders 1–2 sinne kan gebruik om die detail van die storie te herhaal. Bv: **Dintle se tannie het 'n operasie gehad.** 'n Ander relevante punt was **dat Dintle beide hartseer en opgewonde was om haar niggie se huis te verlaat.**
3. Hou die prentjies van die Grootboek op. Sê aan die leerders om na die prentjies te kyk en te dink aan wat gebeur het.
4. Sê aan leerders dat hulle moet dink wat belangrik was in die storie.
5. Vra 2–3 leerders om hul idees te **deel** met die klas. **Help** die leerders om volledige sinne te maak.
6. Verduidelik en korrigeer enige algemene uitspraak en taal foute aan leerders.
7. Sê aan leerders om om te draai en te praat en hul eie weergawe te deel met 'n maat. ***(Hulle moenie dit wat die juffrou gesê het memoriseer nie. Hierdie moet die leerders se eie idees wees!)***

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 1**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 2

# Week 2

# TEMA:

## Ons het gevoelens

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van kinders wat gelukkig is.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor wat maak mense gelukkig.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 30, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 31 en 32, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 34, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van iets wat jou gelukkig maak.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite 15 minute

**HERSIEN TEMA VAN VORIGE WEEK : ASSESSEER VORRIGE KENNIS.**

1. Wys aan leerders die prentjie van Nyasha wat deur die gordyn van die verhoog loer in die Grootboek storie Nyasha op die verhoog.
2. Vertel aan leerders dat julle voortgaan met die tema wat Ons het gevoelens genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Kan jy meer as een gevoel hê op dieselfde tyd?
   - **b** Wat is die algemeenste gevoelens wat mense het?
   - **c** Is daar gevoelens wat jy van weet, wat jy nog nooit ervaar het nie?

**TEMA WOORDESKAT**

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - uitdrukking
   - oudisie
   - oefening

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Jy kan my lees soos 'n boek | *Maak asof jy lees* |
| Trane sê my hart is seer | *Wys na "trane" op jou wange* |
| 'n Frons sê ek wil nie meer | *Frons* |
| 'n Skewe mond sê ek is vies, maar 'n groot gelag sê ek gaan nies! | *Trek 'n skewe mond*<br>*Begin lag en maak of jy nies* |

## Handskrif 15 minute

1. Sê die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Roep die volgende klanke/woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** ring
   - **b** bang

- **c** sing
- **d** meng
- **e** bring
- **f** bank
- **g** tenk
- **h** drink
- **i** pienk
- **j** sink

3. Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

________________________________________

Sin: ________________________________________

________________________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Nyasha op die verhoog.
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor



**ONDERWERP:** Skryf 'n storie oor een keer wat jy gemengde gevoelns gehad het.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n paragraaf (5 sinne) oor 'n persoonlike ervaring.

**SKRYFRAAMWERK:** Eenkeer het ek ……… en ………. gevoel op dieselfde tyd.

Ek het hierdie gemengde gevoelens gehad, want ………..

**DEMONSTREER**


1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor hulle eie persoonlike ervaring waar hulle gemengde gevoelens gehad het.
2 Lees die skryfraamwerk aan die leerders voor.
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**
4 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek moes gaan draf het, maar wou liewer TV kyk. Ek het egter geweet ek moet liewer gaan draf sodat my lyf gesond kan bly.
5 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie teken van jouself, wat dink dat jy liewer moet gaan draf.
6 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
7 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi: Eenkeer het ek **lui gevoel,** maar ook **ambisiues** terselfde tyd**. Ek het hierdie gemengde gevoels gehad, want** ek wou gaan draf **maar** ek wou ook eerder by die huis bly**.**
8 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
9 **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.
10 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

**VERBALE INSTRUKSIES**


1 Vra aan leerders: Watter twee gevoelens het jy al gehad op dieselfde tyd?
2 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
3 Vra leerders om met 'n maat te praat oor gemengde gevoelens.
4 Herinner leerders dat hulle hulle eie idees moet gebruik. Hulle moet nie die juffrou se voorbeeld gebruik nie.
5 Gee leerders 2–3 minute om te bespreek.
6 Roep npu 3–4 leerders om vir jou te kom vertel **oor watter gevoelens hulle gaan skryf**.
7 Hulle moet sê: **Ek het ……….. gevoel, maar ook ………… terselfde tyd.**
8 Verduidelik dat die leerders die skryfraamwerk gaan gebruik om te teken en te skryf oor hulle eie idees.

**SKRYFWERK**

1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.
6 Moedig leerders aan .




Eenkeer het ek bang en opgewonde gevoel op dieselfde tyd.
Ek het hierdie gemengde gevoelens gehad, want ek moes 'n speltoets skryf.



## Groepbegeleide Lees

30 minute



**GROEPE: ______________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde

15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/ld/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/ld/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **wild, skuld, veld**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **held, skuld, naald, veld, wild**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif:

15 minute

## Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **ld**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer-eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

ld ld ld ld

held held

skuld skuld

naald naald

veld veld

wild wild

In die veld in wilde diere.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees: 15 Minute


## Aanvangslees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks_ | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Nyasha op die verhoog</u>**<br><br>Nyasha het daarvan gedroom om 'n akteur te word. Vandag was sy eerste kans op roem. Dit was oudisiedag vir die skool se toneelstuk. Nyasha het die woorde wat hy moes sê gememoriseer. Hy het sy gesigsuitdrukkings in die spieël geoefen, sodat hy gelukkig en hartseer op al die regte plekke sou lyk. Hy het gereed gevoel. Maar toe hy sy beurt afwag om op die verhoog te verskyn, het sy maag vol vlinders. | **Dit is die eerste keer dat Nyasha vir 'n toneelstuk 'n oudisie af lê, kan ek aflei** dat hy dalk senuweeagtig kan wees. Ons kan almal senuweeagtig voel, wanneer ons iets vir die eerste keer aanpak. |
| Na sy oudisie, het Mev. Tsiki hom vertel dat die rolverdeling die volgende oggend buite die saal opgeplak sou word. Nyasha het gevoel dat sy oudisie goed verloop het. Hy was nogtans bekommerd dat hy teleurgesteld sou wees as hy nie die rol gekry het nie. Sy opgewondenheid en senuwees het hom die hele nag wakker gehou. | **Ek lei af** dat Nyasha goed voel, maar versigtig wou wees, want dit was die eerste keer wat hy vir 'n toneelstuk 'n oudisie aflê. Hy waag 'n kans! |
| Toe Nyasha by die skool kom, het hy na die saal toe gehardloop. Sy naam was op die lys! Hy is vir die rol gekies wat hy graag wou hê. | **Dit is die eerste keer dat Nyasha sy naam op 'n rolverdelingslys sien. Ek lei af** dat dit baie opwindend moet wees! |
| Hy het na die speelgrond toe gehardloop om sy maats te vertel. Dit was so vroeg, daar was niemand nie. Die nuus was reg om uit sy mond te bars. Toe hy uiteindelik vir Andrew deur die skoolhek sien aankom, het hy sy nuus oor die speelgrond vir hom geskreeu. | -- |
| Vir weke en weke, het Nyasha na skool toneeloefening bygewoon. Hy het die woorde wat hy moes sê gememoriseer. Hy het sy gesigsuitdrukkings in die spieël geoefen, sodat hy gelukkig en hartseer op al die regte plekke sou lyk. Die dag voor die groot vertoning het hy gereed gevoel. Hy kon nie wag om voor almal op die verhoog te verskyn nie. | **Ek lei af** dat Nyasha ekstra hard werk want dit is die eerste keer dat hy in 'n toneelstuk speel! Hy was so opgewonde om 'n regte akteur te wees. |

| Teks_ | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die aand voor die vertoning, het Nyasha in sy bed gelê en gedink hoe die ander kinders sy toneelspelvaardighede sou bewonder. Hy het daaraan gedink hoe al die ander kinders vir hom sou hande klap, na hy sy perfekte vertoning gelewer het. Hy was ook bekommerd dat hy 'n gemors van sy vertoning sou maak of so het hy gedink. Sy opgewondenheid en senuwees het hom die hele nag wakker gehou. | **Nyasha het nog nooit op 'n verhoog opgetree nie. Ek kan aflei** dat hy senuweeagtig is oor sy eerste groot vertoning! |
| Die volgende dag het Nyasha sy beurt af gewag om op die verhoog te verskyn. Toe hy na die gehoor loer, kon hy nie wag om op te tree nie. Hy sou by die skool beroemd wees! Terselfdetyd wou hy weghardloop. Hy het begin sweet toe hy dink hy moet al sy woorde onthou. | **Dit is die eerste keer dat Nyasha vir 'n groot gehoor gaan optree! Ek lei af** dat hy senuweeagtig so wel as opgewonde voel, oor almal wat vir hom gaan kyk. |
| Nyasha het diep ingeasem toe hy op die verhoog stap. | **--** |
| Nyasha het op die verhoog gestap maar sy stem was wankelrig. Sy hande het gebewe. Hy het sy eerste reël gesê. Hy het dit onthou. Hy het sy tweede reël gesê. Nyasha het begin ontspan. Hy het selfverseker gevoel. Sy stem het meer kragtig geklink. Sy hande het op hou bewe. | **Dit is Nyasha se eerste keer op die verhoog! Ek lei af** dat Nyasha in die begin bang gevoel het! |
| Aan die einde van die vertoning, het Nyasha en die ander lede van die toneelgroep in die middel van die verhoog gestaan en die applous in ontvangs geneem. Hy het na die applous en die toejuiging geluister. Hy het gestraal. Hy was trots op homself. Hy kon nie wag om sy volgende rol te speel nie. Hy het begin voel dat al sy drome mag waar word! | **Nyasha het 'n kans gewaag om iets nuuts te probeer. Hy moet trots wees dat die kans die moeite werd was!** |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Watter verskillende gevoelens het Nyasha deur die storie ervaar? | Opgewondenheid, senuweeagtigheid, angs, bekommernis, trots, ens. |
| Sal jy soos Nyasha op die vehoog wil wees? Hoekom of hoekom nie? | • *Ek wil graag op die verhoog wees, want …*<br>• *Ek wil nie op die verhoog wees nie, want …* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Dink aan 'n keer toe jy iets nuuts probeer het. Hoe het jy voor die tyd, gedurende en na die tyd gevoel? | Ek het ……. gevoel |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 2** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute



### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - bewering
   - bewe
   - selfvertroue
   - dapper

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Jy kan my lees soos 'n boek | *Maak asof jy lees* |
| Trane sê my hart is seer | *Wys na "trane" op jou wange* |
| 'n Frons sê ek wil nie meer | *Frons* |
| 'n Skewe mond sê ek is vies, maar 'n groot gelag sê ek gaan nies! | *Trek 'n skewe mond*<br>*Begin lag en maak of jy nies* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

1. Verdeel leerders in hul klein groepe
2. Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3. Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4. Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5. Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6. Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7. Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8. Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

#### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/lk/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord met die **/lk/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **melk, valk, bulk**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: wolk, melk, valk, dalk, bulk**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________


Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om die hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **lk**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin <u>onderstreep</u>.



lk lk lk lk

wolk wolk

melk melk

valk valk

dalk dalk

bulk bulk

Die valk vliek duer die wolk.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

____________________________________

Sin: ________________________________

____________________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n storie oor iets waaroor jy gemengde gevoelens gehad het.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n paragraaf (5 sinne) : Eenkeer het ek terselfde tyd ........... en ................. gevoel..

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek het hierdie gemengde gevoelens gehad omdat ……..…

Toe …..…

Teen die einde ………

#### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
4 Verduidelik van die idees wat jy het om die nuwe dele van die skryfraamwerk te voltooi, soos: **Toe** het ek gedink oor my gevoelens en besluit om nie lui wees nie. Ek het gaan draf! **Teen die einde** het ek gelukkig en gedetermeneerd gevoel.
5 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
6 Gebruik hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel. Bv: angstig, geluk, gehoor ens
7 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### VERBALE INSTRUKSIES:

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan **'n Tyd toe ek gemengde gevoelens gehad het.**
2 Vandag gaan ons sinne bylas by die werk van Maandag.
3 Vra leerders: Wat het gebeur toe jy gemengde gevoelens gehad het? Hoe het dit jou optrede laat beinvloed?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor gemengde gevoelens.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel hoe hulle aan die einde gevoel het.
9 Hulle moet sê: Aan die einde het ek gevoel ................

**10** Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK




1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6. **Moedig leerders aan.**


## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2. Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se werk op ooghoogte in die klas. Dit sal help met besprekings oor die tema.*




Eenkeer het ek bang en opgewonde
gevoel op dieselfde tyd.
Ek het hierdie gemengde gevoelens
gehad,want ek moes 'n
speltoets skryf.
Toe ontou ek dat ek my woorde
eer het.
Teen die einde het ek al die woorde
reg gekry.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________



1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 2 het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **wild**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/w/-/i/-/ld/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /w/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/i/**
6 Sê die endklank van die woord: **/ld/**
7 Skryf die woord op die bord: **wild**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/w/-/i/-/ld/ = wild**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **dalk**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **held**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/h/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/e/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/id/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/h/-/e/-/ld/**
7 Skryf die woord: **held**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/h/-/e/-/ld/ = held**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **valk**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Herhaalde lees


**LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS**



| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Nyasha op die verhoog**<br>Nyasha het daarvan gedroom om 'n akteur te word. Vandag was sy eerste kans op roem. Dit was oudisiedag vir die skool se toneelstuk. Nyasha het die woorde wat hy moes sê gememoriseer. Hy het sy gesigsuitdrukkings in die spieël geoefen, sodat hy gelukkig en hartseer op al die regte plekke sou lyk. Hy het gereed gevoel. Maar toe hy sy beurt afwag om op die verhoog te verskyn, het sy maag vol vlinders. | **Soms as ons senuweeagtig voel, voel dit asof daar vlinders in ons mae is. Ek lei af** dat Nyasha senuweeagtig gevoel het! |
| Na sy oudisie, het Mev. Tsiki hom vertel dat die rolverdeling die volgende oggend buite die saal opgeplak sou word. Nyasha het gevoel dat sy oudisie goed verloop het. Hy was nogtans bekommerd dat hy teleurgesteld sou wees as hy nie die rol gekry het nie. Sy opgewondenheid en senuwees het hom die hele nag wakker gehou. | **Ek lei af** dat Nyasha angstig voel om 'n rol in die toneelstuk te kry, want hy kan die hele nag nie slaap nie! Hy moet wonder of hy goed genoeg was om 'n rol te verower. |
| Toe Nyasha by die skool kom, het hy na die saal toe gehardloop. Sy naam was op die lys! Hy is vir die rol gekies wat hy graag wou hê. | **Ek kan aflei** dat Nyasha baie trots op homself moet voel, want hy het geoefen en hard gewerk om die rol te kry! |
| Hy het na die speelgrond toe gehardloop om sy maats te vertel. Dit was so vroeg, daar was niemand nie. Die nuus was reg om uit sy mond te bars. Toe hy uiteindelik vir Andrew deur die skoolhek sien aankom, het hy sy nuus oor die speelgrond vir hom geskreeu. | **Nyasha het die hele nag wakker gelê en gehoop dat hy die rol sou kry. So kan ek aflei** dat hy baie opgewonde is om sy maats van sy sukses te vertel! |
| Vir weke en weke, het Nyasha na skool toneeloefening bygewoon. Hy het die woorde wat hy moes sê gememoriseer. Hy het sy gesigsuitdrukkings in die spieël geoefen, sodat hy gelukkig en hartseer op al die regte plekke sou lyk. Die dag voor die groot vertoning het hy gereed gevoel. Hy kon nie wag om voor almal op die verhoog te verskyn nie. | **--** |
| Die aand voor die vertoning, het Nyasha in sy bed gelê en gedink hoe die ander kinders sy toneelspelvaardighede sou bewonder. Hy het daaraan gedink hoe al die ander kinders vir hom sou hande klap, na hy sy perfekte vertoning gelewer het. Hy was ook bekommerd dat hy 'n gemors van sy vertoning sou maak of so het hy gedink. Sy opgewondenheid en senuwees het hom die hele nag wakker gehou. | **O! Ek lei af** dat Nyasha beide opgewonde en angstig voel! Hy wil graag goed doen in sy eerste vertoning, maar hy is ook bekommerd dat hy 'n gemors daarvan gaan maak! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die volgende dag het Nyasha sy beurt af gewag om op die verhoog te verskyn. Toe hy na die gehoor loer, kon hy nie wag om op te tree nie. Hy sou by die skool beroemd wees! Terselfdetyd wou hy weghardloop. Hy het begin sweet toe hy dink hy moet al sy woorde onthou. | **--** |
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/ns/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **dans, bons, kuns**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **dans, wens, wins, bons, kuns**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **ns**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne <u>onderstreep</u>.

ns ns ns ns

dans dans

wens wens

wins wins

bons bons

kuns kuns

Ons dans by die partytjie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

# Gedeeldelees: 15 Minute

## Aanvangslees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: MAAK KONEKSIES


| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Lindelani se maklike wiskundetoets**<br><br>Lindelani het altyd goed gedoen in wiskunde. Sy kon vir ewig tel. Sy kon syfers in haar kop bymekaar tel. Sy het gedink wiskunde is maklik.<br><br>Toe Mev. Ndlovu vir hulle aftrekking geleer het, het Lindelani gedink dit is maklik. | -- |
| Mev. Ndlovu het 'n paar vrae op die bord geskryf. Sy het die leerders opdrag gegee om dit in hulle boeke af te skryf.<br><br>Terwyl die ander leerders in Lindelani se klas die vrae in hulle boeke geskryf het, het Lindelani gekrabbel.<br><br>“Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie te oefen nie!” het sy gedink. | **Ek wonder** hoekom Lindelani nie die wiskunde vrae in haar boek af skryf nie? O! Sy dink sy is goed in wiskunde, en daarom hoef sy dit nie te doen nie! |
| Toe Mev. Ndlovu deur die vrae gaan met die klas, het Lindelani by die venster uit gekyk. Sy het aan al die dinge wat sy buite wil doen gedink.<br><br>“Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie te oefen nie!” het sy gedink. | **Aftrekking** is iets nuuts en Lindelani gee glad nie aandag nie! Ek **wonder** wat gaan gebeur? |
| “Gaan deur julle foute en maak seker julle weet waar julle verkeerd gegaan het!” het Mev. Ndlovu vir die klas vertel. Terwyl Lindelani se klasmaats deur hulle foute gegaan het, het sy toilet toe gegaan.<br><br>“Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek maak nooit foute nie!” het sy gedink. | **Ek wonder** hoe Lindelani goed gaan wees met aftrekking as sy nie oefen en uit haar foute leer nie? |
| Mev. Ndlovu het werksvelle uit gedeel. “Doen hierdie vrae vir huiswerk! Ons leer deur baie te oefen!” het Mev. Ndlovu vir die klas vertel. Lindelani het die werksvel in haar skooltas gedruk.<br><br>“Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek het nie huiswerk nodig nie!” het sy gedink. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Daardie aand, terwyl Lindelani se klasmaats hard aan hulle aftrek vrae gewerk het, het Lindelani televisie gekyk.<br>"Het jy enige huiswerk?" het Lindelani se pa gevra.<br>"Nee," het sy gejok.<br>"Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie die huiswerk te doen nie!" het sy gedink. | Agge nee! **Ek wonder** hoe Lindelani gaan leer om aftrekking goed te doen, as sy nie haar klaswerk of huiswerk doen nie? |
| Die volgende dag by die skool het Mev. Ndlovu die huiswerk in geneem. "Lindelani, waar is jou huiswerk?" het sy gevra.<br>"Ek het dit by die huis vergeet," het Lindelani gejok. "Maar moenie bekommerd wees nie, ek is goed met wiskunde!" het Lindelani gesê.<br>"Lindelani, almal moet wiskunde oefen! Enige iemand kan goed wees in wiskunde as hulle hard werk," het Mev. Ndlovu gesê. Maar Lindelani het nie geluister nie. "Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie hard te werk nie!" het sy gedink.<br>'n Paar dae later het Mev. Ndlovu aangekondig dat daar die volgende dag 'n klastoets gaan wees. Lindelani het nie senuweeagtig gevoel nie. "Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek kan enige toets deurkom!" het sy gedink. | Al Lindelani se klasmaats het hard gewerk en geoefen. **Ek wonder** of Lindelani goed sal doen in die toets sonder enige oefening? |
| Daardie aand terwyl Lindelani se klasmaats aftrekking leer, het Lindelani televisie gekyk.<br>"Het jy nie môre 'n toets nie?" het Lindelani se pa gevra.<br>"Jy moet leer!"<br>"Ek het alreeds geleer," het sy gejok.<br>"Buitendien ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek het nie eers nodig om te leer nie!" het sy gesê. | Lindelani dink alle wiskunde is maklik en dat sy nie hoef te oefen nie. Maar **ek wonder** of sy die toets sal kan deurkom sonder om te oefen of te leer? |
| Toe Mev. Ndlovu die toets uit gedeel het, het Lindelani se klasmaats vinnig deur die vrae gewerk, maar Lindelani het stadig geskryf. Sy het begin sweet.<br>"Hierdie toets is moeilik! Hierdie toets is onregverdig!" het sy gedink.<br>Toe Mev. Ndlovu aankondig, "die tyd is verstreke!" het Lindelani nog net deur die helfte van die vrae gewerk. | **Ek wonder** wat dink Lindelani toe sy besef die toets is moeilik? Ek wonder of sy besef sy moes harder gewerk het? |

WEEK 4

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Mev. Ndlovu die volgende dag die toetse teruggee, het Lindelani gedruip.<br><br>Na skool, toe al Lindelani se klasmaats reeds die klaskamer verlaat het, het sy na Mev. Ndlovu toe gegaan. “Ek het ’n fout gemaak, Juffrou,” het sy erken. “Ek het gedink ek is goed met wiskunde. Ek het gedink wiskunde is maklik. Ek het nie geoefen nie en ek het nie geleer nie,” het sy gehuil.<br><br>Mev. Ndlovu het ernstig na Lindelani gekyk. “Ons kan net deskundiges wees, in iets as ons oefen,” het sy gesê. “Jy was nog altyd goed in wiskunde omdat jy jou huiswerk gedoen het en geleer het.”<br><br>“Ek belowe om hard te werk in wiskunde,”het Lindelani gesê.<br><br>Na daardie dag, het Lindelani haar houding verander, “ek is goed in wiskunde en wiskunde is maklik as ek leer!” | Dit lyk asof Lindelani ’n belangrike les oor harde werk geleer het! **Ek wonder** of dit ’n goeie ding was dat sy haar toets gedruip het? |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat het Lindelani gedoen terwyl haar klasmaats die wiskunde vrae afgeskryf het? | Lindelani het gekrabbel. |
| Wat het Lindelani gedoen terwyl haar klasmaats hulle aftrekking huiswerk gedoen her? | Lindelani het televisie gekyk. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Lindelani haar wiskundetoets gedruip? | • Omdat sy nie geleer het nie.<br>• Omdat sy gedink het wiskunde is maklik.<br>• Omdat sy nie haar vrae in die klas voltooi het nie en ook nie haar huiswerk gedoen het nie.<br>• Omdat sy gedink het sy is goed in wiskunde en sy hoef nie te leer nie.<br>• Sy kon nie die vrae in die bepaalde tyd antwoord nie.<br>• Sy het nie haar somme geoefen nie, so sy kon nie haar wiskunde vinnig genoeg doen om deur te kom nie. |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - skuldig
   - kenner
   - moeilik
   - maklik

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Foute maak my knieë lam | *Frons en knak jou knieë* |
| Juffrou sê deur ons foute sal ons leer | *Wys met jou vinger in die lug soos wat juffrou praat* |
| So hier sit ek en probeer weer en weer | *Wys met jou hand hoe jy skryf* |
| En selfs nog 'n keer | *Wys met jou hand hoe jy skryf* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/nt/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord met die **/nt/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **lint, punt**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: tent, punt, lint, klont**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.



**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________


Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **nt**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.



tent tent

punt punt

lint lint

klont klont

Sy dra ’n rooi lint in haar hare.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Maak of jy Lindelani is wat in jou dagboek skryf na ’n gebeurtenis.

**OPDRAG:** Skryf ’n dagboekinskrywing wat uitdruk hoe jy voel.

**SKRYFRAAMWERK:**

Beste Dagboek,

Ek …………

Ek voel ……….

Ek het geleer ………….

### DEMONSTREER

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2. Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan dink hoe Lindelani gevoel het en wat sy oor die gebeurtenis geleer het.
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
4. **V**erduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek 'n streep vir elke woord**.**
5. **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou storie, soos: **Ek dink Lindelani voel dalk skuldig of skaam** omdat sy gedink het sy hoef nie te leer nie.
6. Verduidelik dat 'n komma die woorde op in die sin van mekaar mag skei.
7. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
8. V**erduidelik** hoe om die skryfraamwerk te voltooi: **Ek voel skuldig** omdat ek die toets gedop het, want dit was my eie fout omdat ek nie geleer het nie. **Ek het geleer** al is iets maklik is dit nodig om aan te hou oefen om beter te raak.
9. G**ebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met **w**oorde vir jou tekening : skuldig, ongeluk, omverskoning vra, ens.
10. **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat l**eerders hul eie idees moet neerskryf**.



### VERBALE INSTRUKSIES:

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan **foute wat ons maak.**
2. Vandag gaan ons ons storie langer maak deur meer sinne by te sit.
3. Vra leerders: Hoe dink jy het Lindelani gevoel nadat sy die toets gedop het? Wat sal sy sê
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor wat Lindelani die volgende dag in haar dagboek gaan skryf.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou te vertel wat hulle dink Lindelani geleer het.
9. Hulle moet sê: Ek dink Lindelani het geleer dat .......
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

### SKRYFWERK


1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.


**6 Moedig leerders aan.**

**DRAAI EN PRAAT**

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2. Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se werk op ooghoogte in die klas. Dit sal help met besprekings oor die tema.*





## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 4 het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: Verdeling en Verbindig

15 minute

### EK DOEN…

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **dans**
3. Verdeel die woord in individuele klanke: **/d/-/a/-/ns/**
4. Sê die beginklank van die woord**: /d/**
5. Sê die middelklank van die woord: **/a/**
6. Sê die endklank van die woord: **/ns/**
7. Skryf die woord op die bord: **dans**
8. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/d/-/a/-/ns/ = dans**
9. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **tent**

### ONS DOEN…

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **kuns**
3. Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/k/**
4. Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/u/**
5. Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ns/**
6. Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/k/-/u/-/ns/**
7. Skryf die woord: **kuns**
8. Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/k/-/u/-/ns/ = kuns**
9. Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **lint**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees: 15 minute

## Herhaalde lees

### LEESSTRATEGIEË: MAAK KONEKSIES

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Lindelani se maklike wiskundetoets**<br>Lindelani het altyd goed gedoen in wiskunde. Sy kon vir ewig tel. Sy kon syfers in haar kop bymekaar tel. Sy het gedink wiskunde is maklik.<br>Toe Mev. Ndlovu vir hulle aftrekking geleer het, het Lindelani gedink dit is maklik. | **Ek kan 'n verbinding maak**. Dit herinner my aan my suster. Sy het altyd baie vinnig gehardloop. Sy het gedink hardloop is baie maklik. |
| Mev. Ndlovu het 'n paar vrae op die bord geskryf. Sy het die leerders opdrag gegee om dit in hulle boeke af te skryf.<br>Terwyl die ander leerders in Lindelani se klas die vrae in hulle boeke geskryf het, het Lindelani gekrabbel.<br>"Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie te oefen nie!" het sy gedink. | **Dit is soos** toe my suster by die atletiekspan aangesluit het. Sy het gedink dat sy nie so baie soos die ander mense in die span moes oefen nie, want sy was reeds so vinnig. |
| Toe Mev. Ndlovu deur die vrae gaan met die klas, het Lindelani by die venster uit gekyk. Sy het aan al die dinge wat sy buite wil doen gedink.<br>"Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie te oefen nie!" het sy gedink. | **Dit herinner** my aan my suster wat soms atletiekoefening misgeloop het. Terwyl die ander leerders in haar span gehardloop het, het sy eerder tyd met haar vriende spandeer. |
| "Gaan deur julle foute en maak seker julle weet waar julle verkeerd gegaan het!" het Mev. Ndlovu vir die klas vertel. Terwyl Lindelani se klasmaats deur hulle foute gegaan het, het sy toilet toe gegaan.<br>"Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek maak nooit foute nie!" het sy gedink. | Lindelani se houding **herinner** my aan my suster. Lindelani dink sy is goed met wiskunde so sy sal altyd goed wees, net soos toe my suster gedink het sy sal altyd kan vinnig hardloop. |
| Mev. Ndlovu het werksvelle uit gedeel. "Doen hierdie vrae vir huiswerk! Ons leer deur baie te oefen!" het Mev. Ndlovu vir die klas vertel. Lindelani het die werksvel in haar skooltas gedruk.<br>"Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek het nie huiswerk nodig nie!" het sy gedink. | As ek aan my suster en Lindelani dink, **kan ek 'n verbinding maak**. Dit lyk asof wanneer mense dink hulle is goed met iets, hulle ophou om hard te werk! |


WEEK 4

| **Teks** | **Herhaalde lees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Daardie aand, terwyl Lindelani se klasmaats hard aan hulle aftrek vrae gewerk het, het Lindelani televisie gekyk.<br>"Het jy enige huiswerk?" het Lindelani se pa gevra.<br>"Nee," het sy gejok.<br>"Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie die huiswerk te doen nie!" het sy gedink. | **--** |
| Die volgende dag by die skool het Mev. Ndlovu die huiswerk in geneem. "Lindelani, waar is jou huiswerk?" het sy gevra.<br>"Ek het dit by die huis vergeet," het Lindelani gejok. "Maar moenie bekommerd wees nie, ek is goed met wiskunde!" het Lindelani gesê.<br>"Lindelani, almal moet wiskunde oefen! Enige iemand kan goed wees in wiskunde as hulle hard werk," het Mev. Ndlovu gesê. Maar Lindelani het nie geluister nie. "Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek hoef nie hard te werk nie!" het sy gedink.<br>'n Paar dae later het Mev. Ndlovu aangekondig dat daar die volgende dag 'n klastoets gaan wees. Lindelani het nie senuweeagtig gevoel nie. "Ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek kan enige toets deurkom!" het sy gedink. | **Ek kan 'n verbinding maak**! Lindelani luister nie na haar juffrou nie. Sy glo sy het nie nodig om te leer nie. Dit **herinner** my toe my suster se afrigter haar vertel het om voor 'n groot wedloop te oefen, maar sy het haar afrigter geignoreer. |
| Daardie aand terwyl Lindelani se klasmaats aftrekking leer, het Lindelani televisie gekyk.<br>"Het jy nie môre 'n toets nie?" het Lindelani se pa gevra.<br>"Jy moet leer!"<br>"Ek het alreeds geleer," het sy gejok.<br>"Buitendien ek is goed met wiskunde. Wiskunde is maklik. Ek het nie eers nodig om te leer nie!" het sy gesê. | Wanneer ek aan my suster en Lindelani dink **kan ek 'n verbinding maak**. Dit lyk asof wanneer mense dink iets is maklik, raak hulle arrogant! |
| Toe Mev. Ndlovu die toets uit gedeel het, het Lindelani se klasmaats vinnig deur die vrae gewerk, maar Lindelani het stadig geskryf. Sy het begin sweet.<br>"Hierdie toets is moeilik! Hierdie toets is onregverdig!" het sy gedink.<br>Toe Mev. Ndlovu aankondig, "die tyd is verstreke!" het Lindelani nog net deur die helfte van die vrae gewerk. | **Dit herinner** my aan my suster. Sy het nie geoefen nie, en toe die groot wedloop aanbreek, het sy verloor! Dit was moeilik vir haar om te hardloop, want sy was nie so fiks soos die ander atlete nie. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Mev. Ndlovu die volgende dag die toetse teruggee, het Lindelani gedruip.<br><br>Na skool, toe al Lindelani se klasmaats reeds die klaskamer verlaat het, het sy na Mev. Ndlovu toe gegaan. "Ek het 'n fout gemaak, Juffrou," het sy erken. "Ek het gedink ek is goed met wiskunde. Ek het gedink wiskunde is maklik. Ek het nie geoefen nie en ek het nie geleer nie," het sy gehuil.<br><br>Mev. Ndlovu het ernstig na Lindelani gekyk. "Ons kan net deskundiges wees, in iets as ons oefen," het sy gesê. "Jy was nog altyd goed in wiskunde omdat jy jou huiswerk gedoen het en geleer het."<br><br>"Ek belowe om hard te werk in wiskunde,"het Lindelani gesê.<br><br>Na daardie dag, het Lindelani haar houding verander, "ek is goed in wiskunde en wiskunde is maklik as ek leer!" | **Ek kan 'n verbinding maak** tussen my suster en Lindelani. Toe my suster haar wedloop verloor het, het sy geleer sy moet oefen en hard werk om 'n goeie atleet te wees – **net soos** Lindelani geleer het sy moet oefen en hard werk om goed te wees in wiskunde! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Watter fout het Lindelani gemaak? | • Sy het nie haar wiskunde geoefen of vir haar toets geleer nie. Dit was 'n fout!<br>• Sy het haar toets gedruip. Dit was 'n groot fout! |
| Wat het Lindelani geleer? | Sy het geleer dat sy goed sal wees in wiskunde en wiskunde sal maklik wees as sy oefen en leer! |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Lindelani gedink sy hoef nie haar wiskunde te oefen nie? | • Omdat sy gedink het sy is goed in wiskunde.<br>• Omdat sy gedink het wiskunde is maklik.<br>• Omdat sy gedink het sy kan nie foute maak nie.<br>• Omdat sy gedink het as jy goed is met iets, hoef jy nie te oefen nie.<br>• Omdat sy nie besef het dat harde werk en oefening benodig is om goed te wees in iets nie.<br>• Sy het die fout gemaak om te dink dat as jy goed is in iets, hoef jy nie hard te werk nie. |

WEEK 4



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- arrogant
- ignoreer
- vra omverskoning

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Foute maak my knieë lam | *Frons en knak jou knieë* |
| Juffrou sê deur ons foute sal ons leer | *Wys met jou vinger in die lug soos wat juffrou praat* |
| So hier sit ek en probeer weer en weer | *Wys met jou hand hoe jy skryf* |
| En selfs nog 'n keer | *Wys met jou hand hoe jy skryf* |



### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie…………..
Lindelani maak 'n fout omdat ……………
Ek het geleer van haar fout dat ……….
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die bord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **ns** | **nt** | **a** |
| **e** | **w** | **d** |
| **i** | **u** | **k** |
| **t** | **p** | **l** |

**DEMONSTRASIE**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ns/**en **/nt/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/d/-/a/-/ns/= dans**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/ns/** of **/nt/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/w/-/i/-/t/ = wit**

**LEERDERS DOEN...**

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **ns, nt**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **dans, wens, wins, kuns, tent, punt, lint, wit, wat, lip, klei, laai, leeu, twee, twak**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK KONEKSIES**

**VERBALE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan gesels oor **Lindelani se maklike Wiskunde toets**
2. Gee 'n demonstrasie om te wys hoe leerders 1–2 sinne kan gebruik om praat oor **iets waarvan hulle gehou** het in die storie en **iets waarvan hulle nie gehou het nie.** Bv: **Ek het gehou** daarvan dat Lindelani vir haar juffrou van haar fout vertel het. **As Lindelani krabbel** in haar boek, **laat dit my dink** aan tye wat ek ook nie oplet in die klas nie. Ek dink ek kan iets leer van haar fout!
3. Hou die prentjies van die Grootboek op. Sê aan die leerders om na die prentjies te kyk en te dink aan wat gebeur het.
4. Sê aan leerders dat hulle moet dink aan waarvan hulle gehou het in die storie en waarmee hulle kan identifiseer.
5. Vra 2–3 leerders om hul idees te **deel** met die klas. **Help** die leerders om volledige sinne te maak.
6. Verduidelik en korrigeer enige algemene uitspraak en taal foute aan leerders.
7. Sê aan leerders om om te draai en te praat en hul eie weergawe te deel met 'n maat. ***(Hulle moenie dit wat die juffrou gesê het memoriseer nie. Hierdie moet die leerders se eie idees wees!)***

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE: ___________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 4

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2
# TERMYN 2
# Week
# 5
# TEMA:
## Wees veilig en verantwoordelik

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente van kinders wat veilig en verantwoordelik is
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor idees om veilig en verantwoordelik te wees.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 46 en 47, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 48 en 49, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 50 en 51, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van iemand wat jy dink baie verantwoordelik is.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prentjie van Duma in die Grootboek storie **Duma en sy maats verdwaal**
2. Vertel aan leerders dat julle 'n nuwe tema begin wat **Wees veilig en verantwoordelik** genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - a Wat moet jy doen om veilig te wees?
   - b Wat kan gebeur as jy onveilig is?
   - c Wie ken jy wat baie verantwoordelik is?

WEEK 5

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - veilig
   - onveilig
   - verantwoordelik
   - verantwoordelikheid

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Geel lig, geel lig wat sê jy – Jy sê ons moet stadiger ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het en bestuur* |
| Rooi lig, rooi lig wat sê jy – Jy sê ons moet dadelik stop! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap die rem en wys hoe jy stop.* |
| Groen lig, groen lig wat sê jy – Jy sê ons kan nou maar ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap nou weer met jou voet die petrol en wikkel jou stuurwiel soos wat jy ry.* |

## Handskrif

15 minute

1 Sê die leerders moet hulle boeke oop maak.
2 Roep die volgende klanke/woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** dans
   - **b** wens
   - **c** wins
   - **d** kuns
   - **e** tent
   - **f** punt
   - **g** lint
   - **h** klont
   - **i** bons
3 Sê aan die leerders om nou ’n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
4 Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord..
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

Sin: _________________________________________________

______________________________________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie **Duma en sy maats verdwaal**
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Teken en skryf 'n paragraaf oor iets wat jou onveilig laat voel.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n paragraaf (5 sinne) oor iets wat jou onveilig laat voel.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek voel onveilig wanneer …….

Ek voel onveilig omdat ……….

#### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor **oor iets wat hulle onveilig laat voel het.**
2 Lees die skryfraamwerk aan die leerders voor.
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
4 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek voel onveilig as ek in a kar is wat te vinnig ry! Ek voel onveilig, want ek is bekommerd die kar gaan 'n ongeluk maak en ek gaan seer kry.
5 D**emonstreer** hoe jy 'n prentjie teken van jouself, wat dink aan 'n kar wat te vinnig ry en jy raak bekommerd.
6 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
7 Verduidelik hoe om die skryfraamwerk te voltooi: **Ek voel onveilig wanneer** ek in a kar is wat te vinnig ry! **Ek voel onveilig omdat** ek **bekommerd** is die kar gaan 'n ongeluk maak en ek gaan seer kry.
8 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
9 **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.
10 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.


#### VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra aan leerders: Wat laat jou onveilig voel en hoekom??
2 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
3 Verduidelik dat hulle **moet dink voordat hulle skryf**.
4 Leerders moet **hulle eie idees** gebruik en nie jou idee na-aap nie!
5 Gee hulle die opdrag om na 'n maat te draai en die onderwerp te bespreek.
6 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van iets wat hulle onveilig laat voel.
7 Hulle moet sê: Ek voel onveilig as ............


**8** Verduidelik dat die leerders nou hulle eie raamwerk gaan optrek met hulle eie idees.

**SKRYFWERK**

1. Deel **leerders se boeke** uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.
6. Moedig leerders aan .




Ek voel onveilig as ek alleenby die huis is, Ek voel onveilig omdat slegte dinge kan gebeur.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde

15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/mp/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/mp/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **stamp, lamp, ramp**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **lamp, romp, stamp, klomp, ramp**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif:

15 minute

## Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **mp**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4. Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5. Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne <u>onderstreep</u>.

mp mp mp mp

lamp lamp

romp romp

stamp stamp

klomp klomp

ramp ramp

Oppas dat jy nie die lamp

omstamp nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

WEEK 5

## Gedeeldelees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: MAAK KONEKSIES**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Duma en sy maats verdwaal**<br><br>Op 'n Saterdagoggend het Duma se ma hom gevra om 'n pakkie na sy Oom Harry se plaas aan die ander kant van die rivier te neem. "Gaan onmiddelik," het sy gesê. "Jy moet vroeg loop sodat jy tuis sal wees voor dit donker word."<br><br>Duma het dadelik na sy Oom Harry se plaas toe begin gestap. Hy het skars begin stap toe hy sy maats, Gugu en Themba sien wat sokker speel. "Ek sal net vir 'n paar minute speel," het Duma gedink. Hy het sy pakkie neer gesit en saam met sy maats gespeel. Ure het verby gegaan voordat Duma weer onthou het van die taak wat sy ma vir hom gegee het om te doen.<br><br>"Ek moet gaan! Ek gaan laat wees!" het Duma vir sy maats gesê. "Ek sal saam met jou kom!" het Themba gesê.<br><br>"O! Ek sal ook kom – dit sal 'n avontuur wees!" het Gugu gesê. | **Ek kan 'n verbinding maak! Dit herinner my** aan die ander dag – ek was veronderstel om 'n vriendin te ontmoet, maar toe begin ek televisie kyk. My gunsteling program het gewys. Ek het begin kyk en heeltemal van die tyd vergeet! Ek was laat om my vriendin te ontmoet! |
| Duma, Gugu en Themba het saam na Oom Harry se plaas toe gestap. Toe hulle by die rivier kom, wou Themba paddas jaag. "Ons sal paddas net vir 'n paar minute jaag," het Duma gedink. Hy het die pakkie neer gesit en paddas saam met sy maats gejaag. Ure het verby gaan voordat Duma weer onthou het van die taak wat sy ma vir hom gegee het om te doen.<br><br>"Ons moet gaan! Ons gaan laat wees!" het Duma vir sy maats gesê.<br><br>Hulle het oor die brug oppad na Oom Harry se plaas gehardloop. | **Ek kan 'n afleiding maak! Dit herinner my** aan die keer wat ek na my suster se huis toe gegaan het voor kerk. Ons het begin gesels. Ons het so lekker gesels dat ons van die tyd vergeet het! Ons was laat vir kerk! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Duma, Gugu en Themba het die pakkie vir Oom Harry gegee en huis to begin stap.<br>“Kom ons neem 'n kort pad deur die bos,” het Duma gesê.<br>Toe hulle in die bos kom, wou Gugu boomklim.<br>“Ons sal net vir 'n paar minute boom klim,” het Duma gedink. Ure het verby gaan voordat Duma weer onthou het dat sy ma gesê het hy moet voor donker by die huis wees!<br>“Ons moet gaan! Ons gaan laat wees!” het Duma vir sy maats gesê.<br>Dit was al baie donker. “Ek is bang – ek wil huis toe gaan,” het Gugu gesê. Hulle kon nie aanhou stap nie – dit was te donker om die paadjie te sien! Hulle was verdwaal. Hulle het onder 'n boom gaan sit en gewag vir die son om op te kom. | **Ek kan 'n verbinding maak! Dit herinner my** aan die dag toe my vriendin se seun uit gegaan het om met sy maats te speel. Hulle het rondgehardloop en soveel pret gehad dat hulle nie besef het dit word donker nie. Hy moes alleen in die donker huis toe loop. |
| Toe die son op kom, het Duma en sy maats begin stap en probeer om hul pad huis toe te vind. Hulle het nie gestop om boom te klim nie. Hulle het nie gestop om paddas te jaag nie. Hulle het nie gestop om sokker te speel nie.<br>“Ek moes nie sokker gespeel het nie. Ek moes nie paddas gejaag het nie. Ek moes nie boom geklim het nie,” het Duma gedink. Hulle het ure lank gestap voordat hulle na aan Duma se hui gekom het. | **Dit laat my dink aan** wanneer ek laat is! Ek voel senuweeagtig. Ek jaag om uit te kom waar ek moet wees, **net soos** Duma en sy maats wat jaag om by die huis te kom. |
| Hulle het na Duma se huis toe gestap. Hulle was vuil want hulle het sokker gespeel. Hulle was nat want hulle het paddas gejaag. Hulle klere was geskeur want hulle het boom geklim. Hulle was moeg want hulle het verdwaal in die donker. | -- |
| “Die hele dorp het na julle gesoek!” het Duma se ma vertel. “Wat het gebeur?” het sy gevra.<br>“Jammer Mamma, dit is alles my skuld!” het Duma gesê. Hy het nie geweet wat om vir haar te sê nie ...<br>“Ons het 'n avontuur gehad,” het Gugu gesê. Hulle het almal begin lag.<br>“Ek is net bly julle is by die huis!” het Duma se Mamma gesê toe sy vir hom 'n groot druk gee. | **Dit herinner my** aan toe my kind laat by die huis aangekom het. Ek was kwaad, want ek het vir hom gesê om voor donker by die huis te wees! Hy het nie na my geluister nie, maar ek was so bly om hom te sien, dat ek vergeet het om kwaad te wees. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Waarheen het Duma se ma hom gevra om te gaan? | Na sy Oom Harry se plaas. |
| Wat het Duma en sy maats oppad na Oom Harry se huis toe gedoen? | Hulle het sokker gespeel en paddas gejaag. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Duma en sy maats verdwaal? | • Omdat hulle heel dag gespeel het.<br>• Omdat hulle pret gehad het en van die tyd vergeet het.<br>• Omdat hulle sokker gespeel het, paddas gejaag het en boomgeklim het.<br>• Omdat hulle nie na Duma se ma geluister het nie.<br>• Toe dit donker geword het, kon hulle nie die paadjie sien nie. |



## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT


1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - bang
   - maak gou
   - aandag afgelei

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Geel lig, geel lig wat sê jy – Jy sê ons moet stadiger ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het en bestuur* |
| Rooi lig, rooi lig wat sê jy – Jy sê ons moet dadelik stop! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap die rem en wys hoe jy stop.* |
| Groen lig, groen lig wat sê jy – Jy sê ons kan nou maar ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap nou weer met jou voet die petrol en wikkel jou stuurwiel soos wat jy ry.* |



### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

1. Verdeel leerders in hul klein groepe
2. Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3. Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4. Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5. Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6. Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7. Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8. Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/ms/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/ms/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **soms, toekoms**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: soms, koms, toekoms**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **ms**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin <u>onderstreep</u>.

ms ms ms ms

soms soms

koms koms

toekoms toekoms

Soms is dit warm en soms is

dit koud.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Teken en skryf ’n paragraaf oor iets wat jou onveilig laat voel.

**OPDRAG:** Teken en skryf ’n paragraaf (5 sinne) oor ’n persoonlike ondervinding. Dit sal deel vorm vandie klaboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek voel onveilig wanneer…

Ek voel onveilig omdat…

Ek kan…

Ek kan dalk ook…

Ek hou nie van die gevoel nie omdat…

#### DEMONSTREER

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2. Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders,
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
4. **V**erduidelik somige idees hoe om die raamwerk te voltooi. Bv: **Vandag gaan ons dink aan dinge wat ons kan doen om ons beter en veiliger te laat voel in ’n situasie waar ons onveilig is. Byvoorbeeld, ek gaan ’n veiligheidsgordel dra en die bestuurder vra om stadiger te ry.**
5. **Verduidelik** dat jy nou ’n veiligheidgordel by jou tekening gaan voeg.
6. **V**erduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek ’n streep vir elke woord**.**
7. **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou storie, soos: Ek kan seker maak my veiligheidgordel is aan. Ek kan ook die bestuurder vra om stadiger te ry.
8. Verduidelik dat ’n komma en die woord ‘en’ die woorde van mekaar skei.
9. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
10. **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel. Bv: versigtig, onveilig, ongeluk, ens.
11. **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat l**eerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan **iets wat my onveilig laat voel het.**
2 Vandag gaan ons ons storie langer maak deur te skryf oor fouet wat ons gemaak het.
3 Vra leerders: Watter foute het julle gemaak? Hoe het jy gevoel toe jy die fout gemaak het?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor hulle eie idees.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel van een ding wat hulle kan doen om veiliger te voel.
9 Hulle moet sê: Ek kan ..........
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK


1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6 **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor hul skryfwerk.

*Stel die leerders se werk saam in een boek. PLaas die boek in die leeshoekie sodat leerders dit kan lees in hulle eie tyd.*

WEEK 5




Ek voel onveilig as ek alleenby die huis is, Ek voel onveilig omdat slegte dinge kan gebeur.

Ek kan my ma vra om my nie alleen te los nie.

Ek kan dalk na my vriend se huis toe gaan.

Ek hou nie daarvan om onveilig te voel nie, want ek voel dan bang.

## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 5 het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **romp**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/r/-/o/-/mp/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /r/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/o/**
6 Sê die endklank van die woord: **/mp/**
7 Skryf die woord op die bord: **romp**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/r/-/o/-/mp/ = romp**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **koms**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **lamp**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/l/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/mp/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/l/-/a/-/mp/**
7 Skryf die woord: **lamp**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/l/-/a/-/mp/ = lamp**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **soms**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees: 15 minute


## Herhaalde lees

### LEESSTRATEGIEË: MAAK KONEKSIES

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Duma en sy maats verdwaal**<br><br>Op 'n Saterdagoggend het Duma se ma hom gevra om 'n pakkie na sy Oom Harry se plaas aan die ander kant van die rivier te neem. "Gaan onmiddelik," het sy gesê. "Jy moet vroeg loop sodat jy tuis sal wees voor dit donker word."<br><br>Duma het dadelik na sy Oom Harry se plaas toe begin gestap. Hy het skars begin stap toe hy sy maats, Gugu en Themba sien wat sokker speel. "Ek sal net vir 'n paar minute speel," het Duma gedink. Hy het sy pakkie neer gesit en saam met sy maats gespeel. Ure het verby gegaan voordat Duma weer onthou het van die taak wat sy ma vir hom gegee het om te doen.<br><br>"Ek moet gaan! Ek gaan laat wees!" het Duma vir sy maats gesê. "Ek sal saam met jou kom!" het Themba gesê.<br><br>"O! Ek sal ook kom – dit sal 'n avontuur wees!" het Gugu gesê. | -- |
| Duma, Gugu en Themba het saam na Oom Harry se plaas toe gestap. Toe hulle by die rivier kom, wou Themba paddas jaag. "Ons sal paddas net vir 'n paar minute jaag," het Duma gedink. Hy het die pakkie neer gesit en paddas saam met sy maats gejaag. Ure het verby gaan voordat Duma weer onthou het van die taak wat sy ma vir hom gegee het om te doen.<br><br>"Ons moet gaan! Ons gaan laat wees!" het Duma vir sy maats gesê.<br><br>Hulle het oor die brug oppad na Oom Harry se plaas gehardloop. | -- |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Duma, Gugu en Themba het die pakkie vir Oom Harry gegee en huis to begin stap.<br><br>“Kom ons neem ’n kort pad deur die bos,” het Duma gesê.<br><br>Toe hulle in die bos kom, wou Gugu boomklim.<br><br>“Ons sal net vir ’n paar minute boom klim,” het Duma gedink. Ure het verby gaan voordat Duma weer onthou het dat sy ma gesê het hy moet voor donker by die huis wees!<br><br>“Ons moet gaan! Ons gaan laat wees!” het Duma vir sy maats gesê.<br><br>Dit was al baie donker. “Ek is bang – ek wil huis toe gaan,” het Gugu gesê. Hulle kon nie aanhou stap nie – dit was te donker om die paadjie te sien! Hulle was verdwaal. Hulle het onder ’n boom gaan sit en gewag vir die son om op te kom. | Gugu moet baie bang wees dat iets slegs met hulle in die bos gaan gebeur! Sy moet wens dat hulle eerder nie gestop het om te speel nie! Sy moet bekommerd wees oor wat haar ouers gaan sê! **As ek** Gugu **was**, sou ek ook huis toe wou gaan! |
| Toe die son op kom, het Duma en sy maats begin stap en probeer om hul pad huis toe te vind. Hulle het nie gestop om boom te klim nie. Hulle het nie gestop om paddas te jaag nie. Hulle het nie gestop om sokker te speel nie.<br><br>“Ek moes nie sokker gespeel het nie. Ek moes nie paddas gejaag het nie. Ek moes nie boom geklim het nie,” het Duma gedink. Hulle het ure lank gestap voordat hulle na aan Duma se hui gekom het. | Duma moet baie angstig voel., want hy moet besef da thy nie moes gespeel het nie – hy moes reguit na sy Oom Harry se plass toe gegaan het! **Ek kan ’n verbinding maak**! Soms as ek ’n fout maak, voel ek baie angstig. Ek dink aan al die goed wat ek anders moes gedoen het, **net soos** wat Duma doen! |
| Hulle het na Duma se huis toe gestap. Hulle was vuil want hulle het sokker gespeel. Hulle was nat want hulle het paddas gejaag. Hulle klere was geskeur want hulle het boom geklim. Hulle was moeg want hulle het verdwaal in die donker. | Duma en sy maats moet baie moeg wees. Hulle moet ook senuweeagtig wees om so laat by die huis aan te kom! Dit **herinner** my hoe ek gevoel het toe ek laat by die kerk aangekom het. Ek was bang dat mense na my sal staar. Ek was bang dat mense sou dink ek is onverantwoordelik! Duma en sy maats moet dieselfde voel! |
| “Die hele dorp het na julle gesoek!” het Duma se ma vertel. “Wat het gebeur?” het sy gevra.<br><br>“Jammer Mamma, dit is alles my skuld!” het Duma gesê. Hy het nie geweet wat om vir haar te sê nie …<br><br>“Ons het ’n avontuur gehad,” het Gugu gesê. Hulle het almal begin lag.<br><br>“Ek is net bly julle is by die huis!” het Duma se Mamma gesê toe sy vir hom ’n groot druk gee. | Duma moet sleg voel dat hy sy ma so laat bekommer het. Hy moet ook verbaas wees dat sy ma nie verskriklik kwaad is vir hom is nie! Ek kan ’n verbinding maak. Dit **herinner** my aan die keer toe ek vir my tannie moes gaan kuier het. Sy het ver van my af gewoon. Ek was veronderstel om vroeg in die oggend te vertrek, maar ek was besig om met vriende tyd te spandeer, en het eers die middag vertrek. Ek het gedink dat my tannie kwaad vir my sou wees toe ek laat daar aan kom, maar sy was so bly om my te sien! Ek was verbaas dat sy nie meer kwaad was nie. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waar het Duma en sy maats geslaap? | Hulle het in die bos geslaap. |
| Duma het angstig gevoel want hy het geweet dat hy onverantwoordelik was. Hy het dink aan al die goed wat hy nie moes gedoen het nie! Kan jy 'n verbinding maak? Wanneer het jy so angstig soos Duma gevoel? | Ek het angstig soos Duma gevoel toe … |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Duma en sy maats nie gestop om te speel oppad huis toe nie? | • Omdat hulle vining by die huis wou kom.<br>• Omdat hulle bekommerd was dat hulle ouers kwaad sou wees!<br>• Omdat hulle moeg en vuil was.<br>• Omdat Duma angstig was oor wat gaan gebeur as hy by die huis kom. Hy was angstig oor wat sy ma gaan sê! |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- avontuur
- risiko
- spyt

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Geel lig, geel lig wat sê jy – Jy sê ons moet stadiger ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het en bestuur* |
| Rooi lig, rooi lig wat sê jy – Jy sê ons moet dadelik stop! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap die rem en wys hoe jy stop.* |
| Groen lig, groen lig wat sê jy – Jy sê ons kan nou maar ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap nou weer met jou voet die petrol en wikkel jou stuurwiel soos wat jy ry.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

**1** Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie…………..
Ek dink dat Duma …… is, want ………
As ek verdwaal, sal ek ………
**2** Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
**3** Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
**4** Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
**5** Kry die hele klas se aandag.
**6** Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
**7** Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
**8** Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die bord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **mp** | **ms** | **o** |
| **a** | **l** | **r** |
| **s** | **t** | **k** |
| **e** | **m** | **u** |

#### DEMONSTRASIE

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/mp/**en **/ms/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/l/-/a/-/mp/= lamp**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/mp/** of **/ms/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/s/-/u/-/s/ = sus**

#### LEERDERS DOEN...

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **mp, ms**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **lamp, romp, stamp, klomp, ramp, soms, koms, toekoms, sus, kam, los, kaas, raak, koor, roes, soet**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

WEEK 5


## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / MAAK KONEKSIES**

**VERBALE OF GESKREWE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan dink oor **die belangrikste gedeeltes van die teks.**
2. Ons gaan ook dink oor watter **konneksie ons met die teks kan maak.**
3. Skryf die skryfraamwerk op die bord en sê die leerders moet raamwerk gebruik.
4. **Die storie handel oor........... (2–3 sinne)**
   **Ek het .......... gevoel toe die konders .......... het.**
   **Ek kan 'n koneksie maak .......**
5. **Verduidelik** aan die leerders dat hulle nie **alles** oor die teks kan skryf nie. Hulle moet kies wat die mees belangrikste was.
6. Gee 'n demonstrasie om te wys hoe leerders 1–2 sinne kan gebruik om praat: Bv: **Die storie handel oor** Duma en sy vriende wat verdwaal het. **Ek was bekommerd** toe die kinders in die boom klim nadat dit al begin donker raak het. **Ek kan 'n koneksie maak** omdat ek weet hoe jy van die tyd kan vergeet as jy lekker speel.
7. Gee die leerderds kans om te dink oor die belangrikste gedeeltes in die teks.
8. Sê die leerders moet nou hulle eie opsomming maak deur die skryfraamwerk te gebruik.
9. Roep die klas tot aandag en vra 1–2 leerders om hulle opsomming met die res te deel.
10. H**elp** die leerders om volledige sinne te maak en verduidelik en korrigeer enige algemene uitspraak en taal foute aan leerders.
11. Besluit saam oor 'n klas-opsomming: ***Die storie handel oor*** Duma en sy vriende het verdwaal oppad huis toe nadat hulle 'n pakkie moes gaan aflewer het. ***Ons het angstig*** gevoel omdat hulle die heel pad gespeel het. ***Ons het voorspel*** dat hulle nie betyds by die huis sou wees nie. ***Ons het 'n koneksie gemaaak***, want ons weet hoe lekker dit is om met jou maats te speel en dan van die tyd te vergeeet.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2
# TERMYN 2
# Week 6
# TEMA:
## Wees veilig en verantwoordelik

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: ’n Plakaat oor veiligheid.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor mense wat ons veilig hou.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 52 en 53, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 54 en 55, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 56 en 57, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van iemand wat ons veilig hou.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite 15 minute

**HERSIEN TEMA VAN VORIGE WEEK: ASSESSEER VORRIGE KENNIS.**

1. Wys aan leerders die prentjie van Vusi wat op die rivier oewer in die Grootboek storie Vusi en die rivier oewer.
2. Vertel aan leerders dat julle voortgaan met die tema wat **Wees veilig en verantwoordelik** genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wie is die mense wat ons veilig hou?
   b. Wie dink jy sal jou aanmoedig om onveilig op te tree?
   c. Hoekom doen mense onveilige goed?
   d. Hoe voel jy as jy iets onveilig doen?

**TEMA WOORDESKAT**

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - gevaarlik
   - dapper
   - waarsku
   - waarskuwing

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Geel lig, geel lig wat sê jy – Jy sê ons moet stadiger ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het en bestuur* |
| Rooi lig, rooi lig wat sê jy – Jy sê ons moet dadelik stop! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap die rem en wys hoe jy stop.* |
| Groen lig, groen lig wat sê jy – Jy sê ons kan nou maar ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap nou weer met jou voet die petrol en wikkel jou stuurwiel soos wat jy ry.* |

WEEK 6

## Handskrif

15 minute

1. Sê die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Roep die volgende klanke/woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** lamp
   - **b** romp
   - **c** stamp
   - **d** klomp
   - **e** ramp
   - **f** soms
   - **g** koms
   - **h** toekoms
3. Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie Vusi en die rivier oewer.
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Verbeel jou, jy is Vusi wat in jou dagboek skryf na hierdie ervaring.

**OPDRAG:** Skryf ’n dagboekinskrywing om jou gevoelens weer te gee.

**SKRYFRAAMWERK:**

Liewe Dagboek,

Ek …………….

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan maak of hulle Vusi is wat in sy dagboek skryf. Hulle gaan skryf oor wat gebeur het.

2 Verduidelik dat ’n dagboek ’n plek is waar ons skryf wat ons ervaar het en wat ons geleer het. Ons kan ons gevoelens en selfs ons diepste geheime daarin skryf. ’n Dagboek mag net gelees word deur die persoon aan wie dit behoort. Dit is ’n persoonlike plek om te dink en te skryf oor enige ding.

3 Lees die skryfraamwerk aan die leerders

4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**

5 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: As ek Vusi was, sal ek begin skryf oor wat het gelei na die gebeure by die rivier. Ek sal skryf oor wat gebeur het om sodoende myself beter te laat voel na die skrikwekkende gebeurtenis

6 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke word wat jy gaan skryf.**

7 **V**erduidelik dat ons in die dagboek gaan skryf asof ons Vusi is. Ons gaan eers dink oor wat ons wil sê.

8 Verduidelik hoe ons die skryfraamwerk gaan voltooi:
<u>**Beste Dagboek,**</u>
<u>**Ek**</u> ek het na my suster geluister nie, want ek wou dapper lyk. Ek het drie dae in ’n ry op die oewer gespeel. Toe val ek in die rivier en dit was baie skirikwekkend vir my.

9 S**ê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**

10 **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.

11 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra aan leerders: Hoe dink jy gaan Vusi sê oor wat gebeur het? Hoe gaan hy sy fout verduidelik?
2 Verduidelik dat hulle **moet dink voordat hulle skryf**.
3 Leerders moet **hulle eie idees** gebruik en nie jou idee na-aap nie!
4 Gee hulle die opdrag om na ’n maat te draai en die onderwerp te bespreek.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel oor wat Vusi gaan sê oor sy fout.
6 Hulle moet sê: Ek dink Vusi gaan sê.........
7 Verduidelik dat die leerders nou die raamwerk gaan gebruik met hulle eie idees.

## SKRYFWERK


1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.
6 Moedig leerders aan .



rivier

Beste Dagboek,

Ek het in die rivier geval, want ek het nie geluister nie.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde

15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/rg/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord met die **/rg/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **sorg, berg, murg**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **dwerg, sorg, terg, murg, berg**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

________________________________________________

## Handskrif:

15 minute

## Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **rg**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

rg rg rg rg

dwerg dwerg

sorg sorg

terg terg

murg murg

berg berg

Moenie die dwerg terg nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

WEEK 6

# Gedeeldelees: 15 Minute

## Aanvangslees


### BEGRIPSSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Vusi en die rivierwal</u>**<br>Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy het daarvan gehou om te spog dat hy nie vir enige iets bang was nie.<br>Toe Vusi se vriende hom uitgedaag het om van die hoogste deel van die klimraam te spring, het hy dit gedoen sonder om te aarsel.<br>Toe Vusi se vriende hom uitgedaag het om die hoogste boom te klim, het hy nie twee maal gedink nie. | **Ek kan aflei** dat Vusi dinge probeer wat ander mense voor bang is, waarvoor hy glad nie bang is nie! |
| Eendag, het Vusi se vriende hom uitgedaag om oor die rivierbedding te loop. Vusi het getwyfel. Vusi het twee maal gedink.<br>Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: "Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie." | **Ek wonder** hoekom sy suster hom gewaarsku het om nie in die rivierbedding te speel nie? |
| Maar Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy was nie bang vir 'n leë rivierbedding nie.<br>Vusi het rustig oor die rivierbedding geloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy selfs rustiger teruggeloop. "Kyk!" het hy selfvoldaan gesê, "daar is niks skrikkerig omtrent 'n rivierbedding nie!" | **Ek wonder** wat is so skrikkerig omtrent 'n leë rivierbedding? Ek kan **aflei** dat dit iets gevaarliks moet wees, want Vusi se suster het hom gewaarsku. Ek weet nie wat dit is nie! |
| Daardie aand, het Vusi in die bed gelê en na die reëndruppels wat op sy sinkdak val geluister. "Ek wonder wat is so skrikkerig omtrent 'n rivierbedding?" het hy gedink. | -- |
| Die volgende dag, het Vusi langs die rivierbedding geloop. Maar dit was nie meer 'n rivierbedding nie daar was nou 'n stroompie.<br>Vusi se vriende het hom uitgedaag om deur die stroompie te loop. Vusi het getwyfel. Vusi het twee maal gedink.<br>Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: "Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie." | **Ek onthou** dat daar reëndruppels op Vusi se sinkdak geval het. Ek kan **aflei** dat die reën die droë rivierbedding in 'n stroompie verander het. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy was 'n bietjie skrikkerig oor die water in die rivierbedding maar hy wou dit nie wys nie.<br><br>Vusi het vinnig deur die stroompie geloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy vinnig teruggeloop.<br><br>"Kyk!" het hy bietjie minder selfvoldaan gesê, "daar is niks skrikkerig omtrent 'n verspotte stroompie nie!" | **Ek wonder** hoekom Vusi vir daardie klein bietjie water bang was? Hmm, ek kan **aflei** dat Vusi dalk nie geweet het hoe om te swem nie. |
| Daardie aand, het Vusi in die bed gelê en na die reëndruppels wat op sy sinkdak val geluister. Hy het na die donderweer geluister. "Ek wonder wat is so skrikkerig omtrent 'n verspotte stroompie?" dink hy. | -- |
| Die volgende dag, het Vusi langs die verspotte stroompie geloop. Maar, dit was nie meer 'n stroompie nie – dit was nou 'n vol, vloeiende rivier.<br><br>Vusi se vriende het hom uitgedaag om deur die vol, vloeiende rivier te loop. Vusi het getwyfel. Vusi het twee maal gedink.<br><br>Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: "Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie." | **Ek weet** dit het elke aand gereën as Vusi in die bed gelê het. Ek kan **aflei** dat die reën die droë rivierbedding in 'n groot rivier verander het. |
| Maar Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy was bang vir die water in die rivierbedding maar hy wou dit nie wys nie.<br><br>Vusi het so vining as wat hy kon deur die vloeiende rivier gehardloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy vinning terug gehardloop. | **Ek kan aflei** dat Vusi eintlik baie bang was, maar hy het die druk om dapper en waaghalsig te wees gevoel. |
| Maar net voor hy die rivierwal bereik het, het sy voete op die glibberige rotse gegly. Hy het in die vol, vloeiende rivier geval. Die rivier het hom begin wegspoel.<br><br>"Help!" het Vusi geskreeu. Hy het nie meer omgegee dat sy vriende sy vrees sien nie. Vusi het geworstel om by die oewer uitkom. | **Ek kan aflei** dat Vusi se suster geweet het dat die droë rivierbedding maklik en vining in 'n vol rivier kan verander – en dat die rivier baie sterk en gevaarlik was! Dit moet juis die rede wees hoekom sy hom gewaarsku het! |
| Sy vriende het teen die rivierwal afgehardloop. Sy vriend Michael het in die vol, vloeiende rivier in gestap en dit reggekry om sy hand te gryp. Michael het Vusi uit die water tot op die rivierwal getrek.<br><br>Vusi is papnat en angsbevange huis toe. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Daardie aand, het Vusi in die bed gelê. "Ek weet wat is so skrikkerig omtrent 'n vol, vloeieinde rivier" het hy gedink, "ek mag dalk dapper wees, ek mag dalk waaghalsig wees, maar ek sal nooit weer naby 'n rivierbedding speel nie!" | **Ek kan aflei** dat Vusi baie gelukkig was dat hy nie seergekry het nie. Ek dink van nou af sal hy na sy suster se waarskuwings luister! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat was die waarskuwing wat Vusi se suster hom gegee het? | Sy het hom gewaarsku om nie in die rivierbedding te speel nie, want die rivier kon hom wegspoel. |
| In wat het die droë rivierbedding verander? | Dit het in 'n vol, vloeiende rivier verander. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink jy het Vusi se suster hom gewaarsku om nie naby die rivierbedding te speel nie? | • Omdat sy geweet het dat die reën die droë rivierbedding in 'n stroom of rivier kan verander.<br>• Omdat sy geweet het dat Vusi daarvan hou om soms gevaarlike goed te doen.<br>• Omdat sy geweet het dat Vusi nie kon swem nie.<br>• Omdat sy geweet het dat Vusi weggespoel kon word as die rivier vol en sterk genoeg is.<br>• Miskien het sy al gesien of gehoor van ander kinders wat in die river weggespoel is. |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 4** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute


### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - daag uit
   - durf
   - meegesleur

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Geel lig, geel lig wat sê jy – Jy sê ons moet stadiger ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het en bestuur* |
| Rooi lig, rooi lig wat sê jy – Jy sê ons moet dadelik stop! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap die rem en wys hoe jy stop.* |
| Groen lig, groen lig wat sê jy – Jy sê ons kan nou maar ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap nou weer met jou voet die petrol en wikkel jou stuurwiel soos wat jy ry.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

1. Verdeel leerders in hul klein groepe
2. Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3. Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4. Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5. Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6. Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7. Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8. Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

#### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/rk/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord met die **/rk/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **vark, park, kerk**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: vark, kerk, kurk, park, snork**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **rk**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

rk rk rk rk

vark vark

kerk kerk

kurk kurk

park park

snork snork

Die vark snork as hy eet.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________

Woorde: ______________________

______________________

Sin: ______________________

______________________

WEEK 6

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Maak of jy Vusi is wat in jou dagboek skryf na ’n gebeurtenis.

**OPDRAG:** Skryf ’n dagboekinskrywing wat uitdruk hoe jy voel.

**SKRYFRAAMWERK:**

Beste Dagboek,

Ek …………

Ek het gevoel ……….

Ek het geleer ………….

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan dink hoe Vusi gevoel het en wat hy oor die gebeurtenis geleer het.
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
4 **V**erduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek ’n streep vir elke woord**.**
5 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou storie, soos: Ek dink Vusi voel baie bang as hy daaraan dink dat hy amper verdrink het. Hy besef ook om waaghalsig op te tree nie ’n slim ding is om te doen nie. Ek dink hy het geleer om meer versigtig te wees naby water.
6 Verduidelik dat ’n komma die woorde in die sin van mekaar mag skei.
7 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
8 **Verduidelik** hoe om die skryfraamwerk te voltooi: **Ek het so vreesbevange gevoel** toe ek amper verdrink het. Ek wens ek het eerder na my suster geluister. **Ek het geleer** dat ek na my suster en ander mense moet luister as hulle my waarsku, dan sal ek veilig bly.
9 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde vir jou tekening : onveilig, uitgedaag, bang, dapper, ens
10 **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat l**eerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES:

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag ’n dagboek begin skryf het uit Vusi se perspektief uit.
2 Vandag gaan ons ons storie langer maak deur meer sinne by te sit.
3 Vra leerders: Hoe dink jy het Vusi gevoel nadat hy amper meegesleur is deur die rivier? Wat dink jy het hy geleer? Wat sal Vusi nou sê?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat met ’n maat oor wat Vusi die volgende dag in sy dagboek gaan skryf.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel wat hulle dink Vusi geleer het.
9 Hulle moet sê: Ek dink Vusi het geleer dat .......
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6 **Moedig leerders aan.**


## DRAAI EN PRAAT

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2 Sê aan leerders om om te draai en te praat met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Hang van die leerders se werk op **ooghoogte** in die klas. Dit sal help met besprekings oor die onderwerp.*




Beste Dagboek,
Ek het in die rivier geval, want
ek het nie geluister nie.
Ek het bang gevoel.
Ek het geleer om na mense te
luister as hulle vir my se om iets
nie te doen nie.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 6 het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: Verdeling en Verbindig

15 minute

### EK DOEN…

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **berg**
3. Verdeel die woord in individuele klanke: **/b/-/e/-/rg/**
4. Sê die beginklank van die woord**: /b/**
5. Sê die middelklank van die woord: **/e/**
6. Sê die endklank van die woord: **/rg/**
7. Skryf die woord op die bord: **berg**
8. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/b/-/e/-/rg/** = **berg**
9. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **kerk**

### ONS DOEN…

1. Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **murg**
3. Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/m/**
4. Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/u/**
5. Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/rg/**
6. Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/m/-/u/-/rg/**
7. Skryf die woord: **murg**
8. Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/m/-/u/-/rg/** = **murg**
9. Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **park**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Gedeeldelees: 15 minute


## Herhaalde lees

### LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Vusi en die rivierwal**<br>Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy het daarvan gehou om te spog dat hy nie vir enige iets bang was nie.<br>Toe Vusi se vriende hom uitgedaag het om van die hoogste deel van die klimraam te spring, het hy dit gedoen sonder om te aarsel.<br>Toe Vusi se vriende hom uitgedaag het om die hoogste boom te klim, het hy nie twee maal gedink nie. | Vusi hou daarvan om waaghalsig te wees. **Ek kan aflei** dat hy daarvan hou om ander mense te wys dat dit waarvoor hulle skrikkerig is, is eintlik nie so erg nie! |
| Eendag, het Vusi se vriende hom uitgedaag om oor die rivierbedding te loop. Vusi het getwyfel. Vusi het twee maal gedink.<br>Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: “Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie.” | Omdat Vusi daarvan hou om waaghalsig te wees, **kan ek aflei** dat hy dalk ’n waarskuwing as ’n uitdaging sal sien! |
| Maar Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy was nie bang vir ’n leë rivierbedding nie.<br>Vusi het rustig oor die rivierbedding geloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy selfs rustiger teruggeloop. “Kyk!” het hy selfvoldaan gesê, “daar is niks skrikkerig omtrent ’n rivierbedding nie!” | **Ek kan aflei** dat nie een van Vusi se vriende saam met hom oor die rivierbedding geloop het nie. Ek kan **aflei** dat hulle miskien dieselfde waarskuwing as Vusi gekry het! |
| Daardie aand, het Vusi in die bed gelê en na die reëndruppels wat op sy sinkdak val geluister. “Ek wonder wat is so skrikkerig omtrent ’n rivierbedding?” het hy gedink. | **Ek onthou** dat die rivierbedding vol water kan raak en ’n groot rivier kan word. Ek kan **aflei** dat Vusi nie daaraan gedink het nie! |
| Die volgende dag, het Vusi langs die rivierbedding geloop. Maar dit was nie meer ’n rivierbedding nie daar was nou ’n stroompie.<br>Vusi se vriende het hom uitgedaag om deur die stroompie te loop. Vusi het getwyfel. Vusi het twee maal gedink.<br>Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: “Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie.” | -- |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy was 'n bietjie skrikkerig oor die water in die rivierbedding maar hy wou dit nie wys nie.<br><br>Vusi het vinnig deur die stroompie geloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy vinnig teruggeloop.<br><br>"Kyk!" het hy bietjie minder selfvoldaan gesê, "daar is niks skrikkerig omtrent 'n verspotte stroompie nie!" | Vusi wou nie hê sy vriende moet sien dat hy bang is nie. **Ek lei af** dat hy wou hê hulle moes dink hy is dapper en waaghalsig! |
| Daardie aand, het Vusi in die bed gelê en na die reëndruppels wat op sy sinkdak val geluister. Hy het na die donderweer geluister. "Ek wonder wat is so skrikkerig omtrent 'n verspotte stroompie?" dink hy. | -- |
| Die volgende dag, het Vusi langs die verspotte stroompie geloop. Maar, dit was nie meer 'n stroompie nie – dit was nou 'n vol, vloeiende rivier.<br><br>Vusi se vriende het hom uitgedaag om deur die vol, vloeiende rivier te loop. Vusi het getwyfel. Vusi het twee maal gedink.<br><br>Hy kon sy ouer suster se stem in sy kop hoor: "Moenie naby die rivierbedding speel nie. Jy weet nooit wanneer jy weggespoel kan word nie." | **Ek kan aflei** dat die juis die situasie is waaroor Vusi se suster bekommerd was toe sy hom gewaarsku het! |
| Maar Vusi was dapper. Vusi was waaghalsig. Hy was bang vir die water in die rivierbedding maar hy wou dit nie wys nie.<br><br>Vusi het so vining as wat hy kon deur die vloeiende rivier gehardloop. Toe hy aan die anderkant kom, het hy vinning terug gehardloop. | **Ek lei af** dat Vusi besorgd was oor wat sy vriende van hom gedink het. Vusi wou hê sy vriende moes dink hy is dapper en waaghalsig. Hy het nie na sy eie vrees geluister nie. Hy het eerder na sy vriende se uitdagings geluister! |
| Maar net voor hy die rivierwal bereik het, het sy voete op die glibberige rotse gegly. Hy het in die vol, vloeiende rivier geval. Die rivier het hom begin wegspoel.<br><br>"Help!" het Vusi geskreeu. Hy het nie meer omgegee dat sy vriende sy vrees sien nie. Vusi het geworstel om by die oewer uitkom. | **Ek lei af** dat Vusi nou baie bang gevoel het, want hy het nie omgegee dat sy vriende weet nie! Hy moes regtig bekommerd gewees het dat iets vreesliks met hom kon gebeur. |
| Sy vriende het teen die rivierwal afgehardloop. Sy vriend Michael het in die vol, vloeiende rivier in gestap en dit reggekry om sy hand te gryp. Michael het Vusi uit die water tot op die rivierwal getrek.<br><br>Vusi is papnat en angsbevange huis toe. | **Ek lei af** dat dit die eerste keer is dat iets slegs met die dapper en waaghalsige Vusi gebeur. Hy het seker gedink niks slegs kan met hom gebeur nie! |

| **Teks** | **Herhaalde lees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Daardie aand, het Vusi in die bed gelê. “Ek weet wat is so skrikkerig omtrent ’n vol, vloeieinde rivier” het hy gedink, “ek mag dalk dapper wees, ek mag dalk waaghalsig wees, maar ek sal nooit weer naby ’n rivierbedding speel nie!” | **Ek kan aflei** dat Vusi nou verstaan hoekom sy suster hom gewaarsku het oor die rivierbedding! |
| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Watter dapper en waaghalsige goed het Vusi al gedoen? | • Hy het van die hoogste deel van die klimraam gespring.<br>• Hy het al die hoogste boom geklim. |
| Dink jy Vusi sal weer in die rivierbedding speel? Hoekom of hoekom nie? | *Ek dink – ----*<br>*Ek dink … want …* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Vusi oor die rivierbedding gehardloop? | • Omdat Vusi dapper en waaghalsig was.<br>• Omdat Vusi se vriende hom uitgedaag het om dit te doen.<br>• Want al was Vusi bang, wou hy dit nie wys nie.<br>• Vusi wou hê sy vriende moet dink hy is dapper en waaghalsig.<br>• Omdat Vusi nie regtig gedink het iets slegs kan met hom gebeur nie.<br>• Omdat hy sy suster se waarskuwing as ’n uitdaging beskou het – het hy dit nie ernstig opgeneem nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- dapper
- dwaas
- onverantwoordelik

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Geel lig, geel lig wat sê jy – Jy sê ons moet stadiger ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het en bestuur* |
| Rooi lig, rooi lig wat sê jy – Jy sê ons moet dadelik stop! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap die rem en wys hoe jy stop.* |
| Groen lig, groen lig wat sê jy – Jy sê ons kan nou maar ry! | *Maak asof jy 'n stuurwiel het, trap nou weer met jou voet die petrol en wikkel jou stuurwiel soos wat jy ry.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie…………..
Vusi tree onveilig op toe ……………
Ek dink die storie is geskryf om my te leer dat ……….
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die bord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **rg** | **rk** | **e** |
| **o** | **s** | **d** |
| **w** | **u** | **t** |
| **a** | **k** | **n** |
| **m** | **b** | **v** |

#### DEMONSTRASIE

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/rg/**en **/rk/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/s/-/o/-/rg/= sorg**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/rg/** of **/rk/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/b/-/a/-/k/ = bak**

#### LEERDERS DOEN...


1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **rg, rk**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **dwerg, sorg, terg, murg, berg, vark, kerk, kurk, snork, bak, kam, kus, mus, van, maat, boot, woon, boek**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________




## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE TEKS**

1. Roep die leerders tot aandag by hulle banke en sorg dat hulle hulle boeke, of 'n stuk papier, potlode en kryte by hulle het.
2. V**erduidelik** hoe jy iets van die teks kan **visualiseer en illustreer. Bv:** <u>Vusi is amper deur die water meegesleur</u>**.**
3. Teken nou jou eie prentjie op die bord van <u>Vusi in die rivier.</u>
4. V**erduidelik** dat jy nou 2–3 sinne by jou tekening gaan voeg: <u>Vusi het nie vir sy suster geluister nie. Hy was baie onveilig by die rivier.</u>
5. V**erduidelik** nou aan die leerders dat hulle iets oor die teks gaan visualiseer.
6. Vra die leerders om hulle oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie weer vir hulle.
7. Die leerders kan nou hulle oë oopmaak en een ding visualiseer uit die storie.
8. Laastens, vra die leeders om te **draai en praat** en sodoende hulle prentjie met 'n maat te deel.



## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 2

# Week 7

# TEMA:

## Tradisies

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente oor verskillende tradisies.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor interssante tradisies oor die wêreld.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 58 en 59, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 60, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 62, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van ’n tradisie in jou kultuur of gemeeskap.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie My ouma se storie.
2. Vertel aan leerders dat julle 'n nuwe tema begin wat **Tradisies** genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - a Watter tradisies ken jy?
   - b Wie het spesiale tradisies?
   - c Waar kom tradisies vandaan?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - tradisies
   - feesvieringe
   - kulture
   - gemeenskap

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Tradisies vertel my van my herkoms, daar is baie om van te kies | *Wys met jou vinger in die lug asof jy iemand leer* |
| soos hoe ons eet oor al die jare heen | *Wys hoe jy eet* |
| Melktert, koeksisters, bobotie en boontjiesop | *Tel op jou vingers die verskillende kosse af* |
| Al die lekkerste lekkernye van toeka tot nou. | *Wys met jou vinger oor jou skouer na agter (dit is vir toeka) en wys dan met jou vinger nou.* |

## Handskrif

15 minute

1. Sê die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Roep die volgende klanke/woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - a dwerg
   - b sorg

- **c** terg
- **d** murg
- **e** berg
- **f** vark
- **g** kerk
- **h** kurk
- **i** snork
- **j** park

**3** Sê aan die leerders om nou ’n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
**4** Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord..
**5** Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

#### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________

Sin: ____________________________________________

____________________________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

#### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie My ouma se storie.
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

# Skryfwerk: 30 minute

## Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Teken en skryf 'n storie oor iemand wat graag iets wil leer van iemand in sy familie.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n storie ( 5 sinne). Die stories al deel wees van die klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

Eendag lank gelede ………

Hy / sy wou leer van ……………. omdat …….

### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor iemand wat graag iets wil leer van iemand in sy familie.
2 Lees die skryfraamwerk aan die leerders
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
4 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek dink ek gaan skryf oor 'n kind wat 'n sekere dans wou leer by een van haar tannie. Sy wou dit leer, want haar tannie het hierdie dans die beste van almal geken. Dit is 'n baie belangrike, kulturele dans.
5 Teken 'n prentjie op die bord : 'n Meisie wat haar tannie dophou terwyl sy dans.
6 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke word wat jy gaan skryf.**
7 **V**erduidelik hoe jy die skryfraamwerk gaan voltooi: **Eendag, lank gelede** was daar 'n dogtertjie genaamd Palese. **Sy wou baie graag** by haar tannie leer hoe om Litolobonya te dans omdat haar tannie dit baie goed kon doen.
8 Sê **die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
9 **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.
10 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

### VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra aan leerders: Wie gaan jou karakter wees? Wat wil hy/sy graag leer?
2 Verduidelik dat hulle **moet dink voordat hulle skryf**.
3 Leerders moet **hulle eie idees** gebruik en nie jou idee na-aap nie!
4 Gee hulle die opdrag om na 'n maat te draai en die onderwerp te bespreek.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel oor hulle idees.

6 Hulle moet sê: In my storie gaan daar ’n ........... wees met die naam van .......... Hy/sy wil graag leer ............

7 Verduidelik dat die leerders nou die raamwerk gaan gebruik met hulle eie idees.

## SKRYFWERK

1 Deel **leerders se boeke** uit.


2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**

3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.


4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.

5 Help leerders om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.

6 Moedig leerders aan .




Eendag lank gelede was daar ’n
seun met die naam Thabo.
Hy wou leer sokker speel, want hy
wou graag sokker speel vir
Bafana Bafana.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde 15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/rm/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/rm/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **warm, arm, storm**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **arm, kerm, wurm, storm, swerm, warm**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

## Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **rm**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4. Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5. Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

rm rm rm rm

arm arm

kerm kerm

wurm wurm

storm storm

swerm swerm

warm warm

Die wurm loop op my arm.



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees:

15 Minute


## Aanvangslees

Begripsstrategieë: Maak afleidings / Ek wonder

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **My ouma se storie**<br><br>Lungi het nog nooit enigiets so mooi soos haar ouma se potte gesien nie. Haar ouma het grond gebruik om klei te maak. Dit was vir Lungi soos towerkuns. "Ek wil potte maak net soos jy!" het Lungi vir haar ouma gesê. Ouma het geglimlag "Dit is 'n goeie idee!" het sy gesê sy, "ek het geleer potte maak toe ek jou ouderdom was!" | **Ek kan aflei** dat Lungi nog nie weet hoe om potte te maak nie. Ek **wonder** hoekom sy potte wil maak? O! Ek **kan aflei** dat Lungi haar ouma bewonder! Sy wil potte maak nes haar ouma! |
| "Toe ek agt jaar oud was, net soos jy, het ek my ma dopgehou toe sy kleipotte gemaak het. Sy het grond gebruik om klei te maak. Sy het die potte met haar hande gevorm en dan in die son gesit om droog te word. Die eerste keer wat ek my eie pot gemaak het, het sy my gewys hoe om die pot versigtig te vorm en dit om en om te draai. Sy het my gewys hoe om 'n ontwerp op die pot te krap, om die pot mooi te laat lyk! Toe het sy my gewys hoe om dit in die son te sit om droog te word. Daardie aand terwyl ek geslaap het, het dit begin reën! Toe ek wakker word kon ek nie my pot vind nie. Al wat ek kon vind was 'n rooi streep grond wat deur die tuin loop! My eerste pot was geruïneer!" het Ouma gelag. | **Ek kan aflei** dat Ouma by haar ma geleer het hoe om kleipotte te maak. Ek **wonder** hoekom Lungi nie by haar ma geleer het, soos haar ouma by haar ma geleer het, nie? Ek **wonder** of Lungi se ma kleipotte kan maak? |
| Lungi het by haar Ouma gesit en het probeer om haar as 'n klein dogtertjie voor te stel. "Hoekom het jy nie my ma geleer nie?"het Lungi gevra. "O Lungi, ek het probeer!" het Ouma gelag. "Jou ma het nooit daarvan gehou om potte te maak nie! Jou ma het van dans gehou – sy het eerder daardie tradisie vir ons die toekoms ingeneem!" | **Ek kan aflei** dat Lungi se ma nie weet hoe om potte, soos ouma, te maak nie. As Lungi dit wil leer, sal sy by haar ouma moet leer! |
| Ouma het Lungi gewys hoe om klei van die grond te maak. Sy het Lungi gewys hoe om die pot versigtig te vorm deur dit om en om te draai. Sy het Lungi gewys hoe om 'n ontwerp op die pot te krap, om die pot mooi te laat lyk! Sy het Lungi hoe om die pot in die son te sit sodat dit kan droog word.<br><br>"Jy gaan baie oefening nodig hê!" het Ouma verduidelik. Lungi en Ouma het die heeldag saam potte gemaak. | **Ek kan aflei** dat dit nie maklik is om potte te maak nie. Daar is baie stappe en is harde werk! Ek dink nie Lungi sou potte kon maak sonder iemand se hulp nie! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe al Lungi se potte droog was en geblink het, het Lungi 'n pot uitgeskies waarop sy die trotse was. "Kan ek hierdie een in die huis hou?" het Lungi haar ouma gevra. "Hoekom wil jy dit binne bring?" het Ouma gevra. Lungi het na die lug gekyk. Daar was wolke in die verte. "Ek wil nie hê dit moet smelt in die reën soos jou eerste pot nie!" het Lungi verduidelik. | **Ek kan aflei** dat Lungi haar gunsteling nuwe pot wil hou. Ek **kan aflei** dat Lungi nie wil hê al haar harde werk moet tot nuut gaan nie! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat is die mooiste ding wat Lungi al ooit gesien het? | Haar ouma se potte. |
| Hoe oud was Ouma toe sy geleer het hoe om potte te maak? | Ouma was agt jaar oud, net soos Lungi. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wil Lungi hê Ouma moet vir haar leer hoe om potte te maak? | • Omdat sy dink haar ouma se potte is pragtig.<br>• Omdat sy haar ouma bewonder – sy wil meer soos sy wees!<br>• Omdat Lungi se ma nie weet hoe om potte te maak nie – sy moet by haar ouma leer hoe om potte te maak.<br>• Omdat dit nie maklik is om potte te maak nie – iemand moet jou wys wat om te doen! |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 7

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.

- klei
- ontwerp
- generasie
- oorgedra

| Rympie of Liedjie | Aksies |
| --- | --- |
| Tradisies vertel my van my herkoms, daar is baie om van te kies | *Wys met jou vinger in die lug asof jy iemand leer* |
| soos hoe ons eet oor al die jare heen | *Wys hoe jy eet* |
| Melktert, koeksisters, bobotie en boontjiesop | *Tel op jou vingers die verskillende kosse af* |
| Al die lekkerste lekkernye van toeka tot nou. | *Wys met jou vinger oor jou skouer na agter (dit is vir toeka) en wys dan met jou vinger nou.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

**1** Verdeel leerders in hul klein groepe
**2** Gee aan elkeen ’n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
**3** Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat pas by die prentjies.
**4** Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
**5** Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
**7** Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/rp/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/rp/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **harp, dorp**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: skerp, harp, serp, dorp**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **rp**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

rp rp rp rp

skerp skerp

harp harp

serp serp

dorp dorp

'n Skerp mes is gevaarlik.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Teken en skryf 'n storie oor iemand wat graag iets wil leer van iemand in sy familie.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n storie ( 5 sinne). Die stories al deel wees van die klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

Eendag lank gelede ………

Hy / sy wou leer van ……………. omdat …….

Hy/sy het besluit om .........

Toe ………..

**DEMONSTREER**

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2. Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders
3. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
4. **V**erduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek 'n streep vir elke woord**.**
5. **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou storie, bv: Vandag gaan ons dink wat volgende gaan gebeur met die karakter in ons storie. Ons gaan skryf hoe sy haar tannie gevra het om haar te leer, hoe sy elke dag saam met haar geoefen het. Ook dat sy n spesiale vertoning vir haar familie beplan het.
6. V**erduidelik** dat jy nou nog detail by jou prentjie gaan voeg bv: Hoe sy saam met haar tannie dans.
7. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
8. **Verduidelik** hoe om die skryfraamwerk te voltooi: **Sy het besluit** om vir haar tannie te vra om haar in die geheim te leer dans. Hulle het elke dag geoefen. **Toe** onthou Palesa dat haar ma een van die dae verjaar. **Sy het besluit** om 'n spesiale vertoning vir haar ma te beplan.
9. **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met **w**oorde vir jou tekening : onveilig, uitgedaag, bang, dapper, ens
10. **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat l**eerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES:

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan iemand wat iets nuuts wou leer.
2. Vandag gaan ons ons storie langer maak deur meer sinne by te sit.
3. Vra leerders: Wat dink julle gebeur vologende in die storie?
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om om te draai en te praat met ’n maat oor watter idees hulle het vir die storie.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou te vertel wat volgende gaan gebeur.
9. Hulle moet sê: <u>In my storie ........</u>
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6. **Moedig leerders aan.**


## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2. Sê aan leerders om om te draai en te praat met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Stel die leerders se werk saam in een boek. PLaas die boek in die leeshoekie sodat leerders dit kan lees in hulle eie tyd.*




Eendag lank gelede was daar 'n seun met die naam Thabo.
Hy wou leer sokker speel, want hy wou graag sokker speel vir Bafana Bafana.
Hy het sy ouer broer gevra om hom te help,
Toe word hy gekies vir die skool se sokkerspan en hy was die beste speler in die span.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 7 het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **kerm**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/k/-/e/-/rm/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /k/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/e/**
6 Sê die endklank van die woord: **/rm/**
7 Skryf die woord op die bord: **kerm**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/k/-/e/-/rm/ = kerm**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **harp**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **warm**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/w/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/rm/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/w/-/a/-/rm/**
7 Skryf die woord: **warm**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/w/-/a/-/rm/ = warm**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **dorp**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

WEEK 7

# Gedeeldelees: 15 minute


## Herhaalde lees

### LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS / EK WONDER

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>My ouma se storie</u>**<br>Lungi het nog nooit enigiets so mooi soos haar ouma se potte gesien nie. Haar ouma het grond gebruik om klei te maak. Dit was vir Lungi soos towerkuns. "Ek wil potte maak net soos jy!" het Lungi vir haar ouma gesê. Ouma het geglimlag "Dit is 'n goeie idee!" het sy gesê sy, "ek het geleer potte maak toe ek jou ouderdom was!" | **Ek kan aflei** dat Lungi se Ouma opgewonde was om Lungi te leer om potte maak! Dit moet Lungi se ouma spesiaal laat voel dat haar kleindogter dieselfde goed as sy wil doen! |
| "Toe ek agt jaar oud was, net soos jy, het ek my ma dopgehou toe sy kleipotte gemaak het. Sy het grond gebruik om klei te maak. Sy het die potte met haar hande gevorm en dan in die son gesit om droog te word. Die eerste keer wat ek my eie pot gemaak het, het sy my gewys hoe om die pot versigtig te vorm en dit om en om te draai. Sy het my gewys hoe om 'n ontwerp op die pot te krap, om die pot mooi te laat lyk! Toe het sy my gewys hoe om dit in die son te sit om droog te word. Daardie aand terwyl ek geslaap het, het dit begin reën! Toe ek wakker word kon ek nie my pot vind nie. Al wat ek kon vind was 'n rooi streep grond wat deur die tuin loop! My eerste pot was geruïneer!" het Ouma gelag. | **Ek kan aflei** dat die eerste dag wat ouma kleipotte gemaak het, 'n belangrike dag in haar lewe was! Sy is nou 'n ou vrou, maar sy kan nogsteeds die eerste dag wat sy potte gmaak het onthou! Sy lag nou, maar ek dink Ouma was hartseer toe haar eerste pot geruïneer is! |
| Lungi het by haar Ouma gesit en het probeer om haar as 'n klein dogtertjie voor te stel. "Hoekom het jy nie my ma geleer nie?"het Lungi gevra. "O Lungi, ek het probeer!" het Ouma gelag. "Jou ma het nooit daarvan gehou om potte te maak nie! Jou ma het van dans gehou – sy het eerder daardie tradisie vir ons die toekoms ingeneem!" | **Ek kan aflei** dat die maak van potte en dans beide tradisies in Lungi se familie is. Ek **kan aflei** dat Lungi meer geïnteresseerd is in die tradisie van potte maak as in die tradisie van dans. |
| Ouma het Lungi gewys hoe om klei van die grond te maak. Sy het Lungi gewys hoe om die pot versigtig te vorm deur dit om en om te draai. Sy het Lungi gewys hoe om 'n ontwerp op die pot te krap, om die pot mooi te laat lyk! Sy het Lungi hoe om die pot in die son te sit sodat dit kan droog word.<br>"Jy gaan baie oefening nodig hê!" het Ouma verduidelik. Lungi en Ouma het die heeldag saam potte gemaak. | **Ek kan aflei** dat Lungi dit geniet om potte maak. Sy moet pret hê saam met Ouma. Ek **kan dit aflei**, want Lungi en haar ouma het die heel dag saam potte gemaak! Ek **kan aflei** dat Lungi hard werk om die tradisie van potte maak te leer! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe al Lungi se potte droog was en geblink het, het Lungi 'n pot uitgeskies waarop sy die trotse was. "Kan ek hierdie een in die huis hou?" het Lungi haar ouma gevra. "Hoekom wil jy dit binne bring?" het Ouma gevra. Lungi het na die lug gekyk. Daar was wolke in die verte. "Ek wil nie hê dit moet smelt in die reën soos jou eerste pot nie!" het Lungi verduidelik. | **Ek kan aflei** dat Lungi aan die eerste pot wat haar ouma gemaak het gedink het. Sy moet seker onthou hoe dit geruïneer is! Ek **kan aflei** dat Lungi bekommerd is dat dieselfde ding met haar eerste pot gaan gebeur! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| By wie het Ouma geleer om potte te maak? | Sy het by haar ma geleer hoe om potte te maak. |
| Hoekom het Lungi nie by haar ma geleer hoe om potte te maak nie? | Omdat haar ma nooit geleer het hoe om potte te maak nie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wou Lungi haar gunsteling nuwe pot binne toe bring?¢ | • Omdat Ouma se eerste pot deur die reën geruïneer is!<br>• Omdat hierdie die eerste potte is wat Lungi gemaak het, daarom is hulle spesiaal.<br>• Miskien wou Lungi vir haar ma wys dat sy uiteindelik 'n pot op haar eie kan maak.<br>• Omdat Lungi wolke sien. Sy onthou dat haar ouma se eerste pot deur die reën geruïneer is. Sy wil nie hê dit moet ook met haar eerste pot gebeur nie! |



## Groep Begeleidelees

30 minute

WEEK 7

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.

Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.

2 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.

3 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.

4 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.

5 Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.

6 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.

7 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.

8 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- geloof
- vakansie
- glo

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Tradisies vertel my van my herkoms, daar is baie om van te kies | *Wys met jou vinger in die lug asof jy iemand leer* |
| soos hoe ons eet oor al die jare heen | *Wys hoe jy eet* |
| Melktert, koeksisters, bobotie en boontjiesop | *Tel op jou vingers die verskillende kosse af* |
| Al die lekkerste lekkernye van toeka tot nou. | *Wys met jou vinger oor jou skouer na agter (dit is vir toeka) en wys dan met jou vinger nou.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie…………..
Ek dink Lungi is ……………, want ………….
Ek sal ’n prentjie van ’n ………. op die pot uitkerf.
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen ’n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of ’n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die bord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **rm** | **rp** | **a** |
| **w** | **u** | **e** |
| **k** | **s** | **t** |
| **h** | **d** | **o** |

#### DEMONSTRASIE

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/rm/**en **/rp/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/a/-/rm/= arm**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/rm/** of **/rp/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/h/-/a/-/k/** = **hak**

#### LEERDERS DOEN...

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **rm, rp**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **arm, kerm, wurm, storm, swerm, warm, skerp, harp, serp, dorp, hak, hek, swak, kwaak, kweek, stok, stout, twak, twee**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

______________________________

WEEK 7

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**VERBALE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan gesels oor 2 goed wat hulle gedink het belangrik in die storie is: **My ouma se storie.**
2 Gee 'n demonstrasie om te wys hoe leerders 1–2 sinne kan gebruik om die detail van die storie te herhaal. Bv: **Lungi se ouma het potte van klei gemaak.** 'n Ander relevante punt was **dat ouma begin potte maak het toe sy Lungi se ouderdom was. Sy maak al vir baie jare potte.** Hou die prentjies van die Grootboek op. Sê aan die leerders om na die prentjies te kyk en te dink aan wat gebeur het.
3 Sê aan leerders dat hulle moet dink wat belangrik was in die storie.
4 Vra 2–3 leerders om hul idees te **deel** met die klas. **Help** die leerders om volledige sinne te maak.
5 Verduidelik en korrigeer enige algemene uitspraak en taal foute aan leerders.
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat en hul eie weergawe te deel met 'n maat. ***(Hulle moenie dit wat die juffrou gesê het memoriseer nie. Hierdie moet die leerders se eie idees wees!)***

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 2

# Week 8

# TEMA:

## Tradisies

## Voorbereiding van Klaskamer

1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4 Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prente oor verskillende troues.
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor verskillende troue tradisies oor die wêreld.
6 Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 64 en 65, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 66 en 67, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 68 en 69, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie oor ’n vakansiedag wat julle vier..

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

**HERSIEN TEMA VAN VORIGE WEEK : ASSESSEER VORRIGE KENNIS.**

1. Wys aan leerders die voorblad van die Grootboek storie van die bruid in die wit rok in die Grootboek: **'n Verhaal van drie troues**
2. Vertel aan leerders dat julle voortgaan met die tema wat **Tradisies** genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Watter nuwe dinge het jy oor tradisies geleer?
   - **b** Hoe leer ons oor ons eie tradisies?
   - **c** Hoe leer ons oor ander tradisies?
   - **d** Noem 'n paar algmene tradisies in Suid Afrika.
   - **e** Wat sal jy graag wil weet oor tradisies in ander plekke.

**TEMA WOORDESKAT**

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - troue
   - verskillende
   - seremonie

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Tradisies vertel my van my herkoms, daar is baie om van te kies | *Wys met jou vinger in die lug asof jy iemand leer* |
| soos hoe ons eet oor al die jare heen | *Wys hoe jy eet* |
| Melktert, koeksisters, bobotie en boontjiesop | *Tel op jou vingers die verskillende kosse af* |
| Al die lekkerste lekkernye van toeka tot nou. | *Wys met jou vinger oor jou skouer na agter (dit is vir toeka) en wys dan met jou vinger nou.* |

## Handskrif

15 minute

1. Sê die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Roep die volgende klanke/woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** arm
   - **b** kerm
   - **c** wurm
   - **d** storm
   - **e** swerm
   - **f** warm
   - **g** skerp
   - **h** harp
   - **i** serp
   - **j** dorp
3. Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
4. Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord..
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: **'n Verhaal van drie troues**
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

# Skryfwerk:

30 minute

## Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor ’n tradisie of vakansie wat jy saam met jou familie vier.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en skryf ’n paragraad ( 5 sinne) oor ’n persoonlike ervaring.

**SKRYFRAAMWERK:**

In my familie ………

Ons …………….

### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor ’n persoonlike ervaring oor tradisies.
2 Lees die skryfraamwerk aan die leerders
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
4 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Een vakansie wat my my familie saam vier, is Kersfees. Met Kersfees eet ons atyd kalkoen en lekker ham.
5 Teken ’n prentjie op die bord : Jou hele familie wat rondom ’n tafel sit met die kalkoen op die tafel.
6 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke word wat jy gaan skryf.**
7 **V**erduidelik hoe jy die skryfraamwerk gaan voltooi: **<u>In my familie</u>** vier ons altyd Kersfees saam.
**<u>Ons</u>** kook ’n kalkoen en ’n ham en eet dit saam.
8 Sê **die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
9 **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.
10 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.


### VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra aan leerders: Watter tradisies of vakansies vier julle saam met julle families?
2 Verduidelik dat hulle **moet dink voordat hulle skryf**.
3 Leerders moet **hulle eie idees** gebruik en nie jou idee na-aap nie!
4 Gee hulle die opdrag om na ’n maat te draai en die onderwerp te bespreek.
5 Vra 2–3 leerders om jou te vertel oor hulle idees.
6 Hulle moet sê: <u>In my familie ..........</u>

7 Verduidelik dat die leerders nou die raamwerk gaan gebruik met hulle eie idees.


**SKRYFWERK**

1. Deel **leerders se boeke** uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.
6. Moedig leerders aan .




My gesin gaan strand toe op Nuwerjaarsdag.

Ons swem almal in die see.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde

15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/rs/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan ’n woord met die **/rs/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **wors, kers, skaars**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **bors, kers, koors, wors, skaars**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif:

15 minute

## Skyf nuwe letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **rs**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan die leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4. Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5. Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

rs rs rs rs

bors bors

kers kers

koors koors

wors wors

skaars skaars

Oupa braai wors op die vuur.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

# Gedeeldelees:

15 Minute


## Aanvangslees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER / EK WONDER

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **'n Verhaal van drie troues**<br>Hannah, Zodwa en Lerisha het saam onder die groot akkerboom gesit en hulle middagete geëet.<br>"Ek het die naweek 'n troue bygewoon!" het Hannah aangekondig. "Dit was so mooi! Die bruid het 'n wit rok en 'n sluier gedra. Eendag wil ek in net so 'n sluier trou!" | **Ek kan die sagte, lang, wit rok visualiseer.** Dit is so mooi! Ek kan ook die bruid **visualiseer** as sy deur die wit sluier na die die bruidegom kyk. |
| "My ouer suster het verlede jaar getrou," het Zodwa geantwoord, "maar sy het nie 'n wit rok gedra nie." Sy het 'n pragtige, kleurvolle kombers en baie krale gedra. As ek ooit trou, wil ek ook 'n kombers en krale dra, net soos my suster. Sommige mense in my kultuur het ook 'n tweede troue. Dan dra hulle 'n wit rok. Miskien sal ek beide hê wanneer ek trou." | **Ek visualiseer** Zodwa se suster met baie kralehalsnoere om haar nek. Sy lyk so mooi en kleurvol! |
| "Ek was een keer by my niggie se troue in Durban,"het Lerisha gesê. "Sy het nie 'n wit sluier, kombers of krale gedra nie. Sy het 'n helderrooi sari gedra en haar hande was versier met mehndi. As ek trou, wil ek ook 'n helderrooi sari dra, net soos sy!"<br>"O! Ek het nie geweet dat daar verskillende klere by troues aangetrek word nie," het Hannah ingedagte gesê. | **Ek visualiseer** Lerisha se niggie se hande wat met pragtige mehndi ontwerpe bedek is. Haar hande lyk soos juwele! Sy lyk so mooi. |
| "My gunsteling deel van my suster se troue was dat my ma en al die ander getroude vrouens pragtige, kleurvolle gekraalde hooftooisels gedra het," sê Zodwa. | **Ek visualiseer** honderde vrouens wat hooftooisels dra. |
| "Niemand het hooftooisels by die troue wat ek bygewoon het aangetrek nie," het Lerisha geantwoord. "My gunsteling deel was toe my niggie en haar man hande vasgehou het en in sirkels om 'n klein vuur geloop het," het sy gesê. | **Ek visualiseer** die bruid in haar helderrooi sari, soos sy in sirkels om die vuur loop. Ek **visualiseer** dat almal vir haar kyk! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| "By die troue wat ek bygewoon het, het al die mans Yarmulkes op hul koppe gedra. Die vrouens het niks op hulle koppe gedra nie! Dit was nie my gunsteling deel nie. My gunsteling oomblik was toe die bruidegom op 'n glas getrap het om dit te breek!" het Hannah gesê.<br><br>"Ek het nie besef dat verskillende mense verskillende goed by troues doen nie," het Zodwa ingedagte gesê. | **Ek visualiseer** hoe die bruidegom op die glas trap en ek kan my voorstel hoe dit geklink het toe die glas met 'n harde geluid breek! Ek **visualiseer** hoe almal lag en juig! |
| "Die kos by my niggie se troue was heerlik. Daar was 'n groot buffet met kerrie en rys en samoesas. Dit is my gunsteling kos!" het Lerisha vertel. | **Ek visualiseer** die heerlike kos en ek kan my voorstel hoe die smullekker reuk van kerrie in die lug hang! |
| "Ons het nie kerrie of samoesas by die troue wat ek bygewoon het gehad om te eet nie. Daar was 'n groot troukoek wat met blomme versier was. Die bruid en die bruidegom het die koek gesny en koek op mekaar se gesigte gesmeer. Dit was so snaaks," het Hannah laggend gesê. | **Ek kan visualiseer** hoe die bruid en die bruidegom lag terwyl hulle koek in mekaar se monde druk! Daar is oral versiersuiker. |
| "O, dit klink soos pret! Daar was nie kerrie, samoesas of koek by my suster se troue nie," het Zodwa gesê. "My ooms het 'n bees geslag. Toe het ons vleis en pap geëet en sorghummelk gedrink. Dit was heerlik."<br><br>"Ek het nooit daaraan gedink dat verskillende mense verskillende kos by troues eet nie," het Lerisha in gedagte gesê. | **Ek kan visualiseer** hoe al die trougaste gelukkig saam sit en eet. |
| "Dit was nou pret," het Hannah gesê. "Ek is mal daaroor om van verskillende tradisies te leer."<br><br>"O! Volgende week is dit Diwali, die fees van ligte," het Lerisha vertel. "Hoekom kom julle nie na my huis toe om oor te slaap nie?"<br><br>Die drie meisies het gelukkig klas toe gestap, terwyl hulle aan al die tradisies wat hulle kon deel gedink het. | O! Dit help my onthou dat troutradisies nie net een soort tradisie is nie. Maar, daar is vele ander tradisies om van te leer! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wie is die karakters in die storie? | Die karakters is Hannah, Zodwa en Lerisha. |
| Watter trou tradisies kom in die storie voor? | • ’n Bruid wat ’n wit rok dra.<br>• ’n Bruid wat ’n sluier dra.<br>• ’n Bruid wat ’n kombers en krale dra.<br>• ’n Bruid wat ’n rooi sari dra.<br>• Vrouens wat hooftooisels dra.<br>• Die bruid en die bruidegom wat in sirkels om die vuur loop.<br>• Die bruidegom wat ’n glas stukkend trap.<br>• Die tradisionele kosse wat geëet word by troues.<br>• Die bruid en die bruidegom wat mekaar troukoek voer.<br>• Die slag van ’n bees.<br>• Om sorghummelk te drink. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| **Visualiseer** die tradisies van die storie, van watter trou tradisie het jy die meeste van gehou? | *Ek hou van … want …* |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - sluier
   - Sari
   - keppeltjie
   - Mehndi

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Tradisies vertel my van my herkoms, daar is baie om van te kies | *Wys met jou vinger in die lug asof jy iemand leer* |
| soos hoe ons eet oor al die jare heen | *Wys hoe jy eet* |
| Melktert, koeksisters, bobotie en boontjiesop | *Tel op jou vingers die verskillende kosse af* |
| Al die lekkerste lekkernye van toeka tot nou. | *Wys met jou vinger oor jou skouer na agter (dit is vir toeka) en wys dan met jou vinger nou.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen ’n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan ’n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders ’n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep ’n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/rt/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders : Kan julle dink aan 'n woord met die **/rt/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **hart, kort**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: hart, beurt, soort, kort**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________


Woorde: ______________________________________________

______________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s) / woorde / sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **rt**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die bord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin <u>onderstreep</u>.



hart hart

beurt beurt

soort soort

kort kort

My hart is seer oor my katjie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Teken en skryf oor 'n tradisie of vakansie wat jy saam met jou familie vier.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf 'n storie ( 5 sinne) oor 'n persoonlike ervaring.

**SKRYFRAAMWERK:**

In my familie …..

Ond …..

Ons doe nook …..

Ek voel ……, want …..

## DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
4 **V**erduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek 'n streep vir elke woord**.**
5 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou storie, bv: Ons kry elkeen een geskenk vir Kersfees. Dit is my gunteling tradisie, want almal is so opgewonde en voel spesiaal. Dit is mos pret om 'n geskenk te kry.
6 V**erduidelik** hoe om die skryfraamwerk te voltooi: <u>**Ons gee ook**</u> geskenke aan mekaar. <u>**Ek voel**</u> so opgewonde, want ons hele familie is bymkeaar. Ek hou baie van Kerstyd.
7 Sê **die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord**
8 G**ebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met **w**oorde vir jou tekening : tradisie, eet, vier, ens
9 **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat l**eerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES:

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het tradisie of 'n vakansie wat ons saam met familie spandeer.
2 Vandag gaan ons ons storie langer maak deur meer sinne by te sit.
3 Vra leerders: Wat ander kan julle vir ons verte oor die tradisie of vakansie wat jy vierl?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor watter idees hulle het oor tradisies.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel van hulle tradisies.
9 Hulle moet sê: <u>Ons gee ook ..........</u>
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!


## SKRYFWERK

1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6 **Moedig leerders aan.**


**DRAAI EN PRAAT**

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2 Sê aan leerders om om te draai en te praat met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se werk op ooghoogte in die klas. Dit sal help met besprekings oor die tema.*




My gesin gaan strand toe op Nuwerjaarsdag.
Ons swem almal in die see.
Ons kook ok kos en speel die heel dag.
Ek voel gelukkig, want ons het almal pret en lag baie.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 8 het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **kers**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/k/-/e/-/rs/**
4 Sê die beginklank van die woord**: /k/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/e/**
6 Sê die endklank van die woord: **/rs/**
7 Skryf die woord op die bord: **kers**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/k/-/e/-/rs/ = kers**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **hart**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **wors**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/w/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/o/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/rs/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/w/-/o/-/rs/**
7 Skryf die woord: **warm**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/w/-/o/-/rs/ = wors**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **kort**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

WEEK 8

# Gedeeldelees: 15 minute


## Herhaalde lees

### LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS / VISUALISEER

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>'n Verhaal van drie troues</u>**<br>Hannah, Zodwa en Lerisha het saam onder die groot akkerboom gesit en hulle middagete geëet.<br>"Ek het die naweek 'n troue bygewoon!" het Hannah aangekondig. "Dit was so mooi! Die bruid het 'n wit rok en 'n sluier gedra. Eendag wil ek in net so 'n sluier trou!" | Ek het geleer dat tradisies dikwels spesiale betekenis kan dra. **Ek wonder** hoekom bruide in hierdie kultuur sluiers dra? Ek **wonder** of daar 'n spesiale rede is vir 'n bruid om 'n sluier te dra? |
| "My ouer suster het verlede jaar getrou," het Zodwa geantwoord, "maar sy het nie 'n wit rok gedra nie." Sy het 'n pragtige, kleurvolle kombers en baie krale gedra. As ek ooit trou, wil ek ook 'n kombers en krale dra, net soos my suster. Sommige mense in my kultuur het ook 'n tweede troue. Dan dra hulle 'n wit rok. Miskien sal ek beide hê wanneer ek trou." | **Ek wonder** hoekom die bruid 'n kombers dra? Miskien as 'n bruid 'n kombers dra, beteken dit iets spesiaal? |
| "Ek was een keer by my niggie se troue in Durban,"het Lerisha gesê. "Sy het nie 'n wit sluier, kombers of krale gedra nie. Sy het 'n helderrooi sari gedra en haar hande was versier met mehndi. As ek trou, wil ek ook 'n helderrooi sari dra, net soos sy!"<br>"O! Ek het nie geweet dat daar verskillende klere by troues aangetrek word nie," het Hannah ingedagte gesê. | **Ek wonder** hoekom bruide in hierdie kultuur rooi dra? Ek dink as 'n bruid 'n rooi sari dra, beteken dit iets speisiaal. |
| "My gunsteling deel van my suster se troue was dat my ma en al die ander getroude vrouens pragtige, kleurvolle gekraalde hooftooisels gedra het," sê Zodwa. | **Ek wonder** wat beteken die tradisie? Dikwels, hou tradisies spesiale betekenis. |
| "Niemand het hooftooisels by die troue wat ek bygewoon het aangetrek nie," het Lerisha geantwoord. "My gunsteling deel was toe my niggie en haar man hande vasgehou het en in sirkels om 'n klein vuur geloop het," het sy gesê. | **Ek wonder** hoekom hulle om 'n vuur loop? Ek **wonder** wat die betekenis hiervan is? |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| "By die troue wat ek bygewoon het, het al die mans Yarmulkes op hul koppe gedra. Die vrouens het niks op hulle koppe gedra nie! Dit was nie my gunsteling deel nie. My gunsteling oomblik was toe die bruidegom op 'n glas getrap het om dit te breek!" het Hannah gesê.<br><br>"Ek het nie besef dat verskillende mense verskillende goed by troues doen nie," het Zodwa ingedagte gesê. | **Ek wonder** hoekom die bruidegom op die glas trap? Ek **wonder** wat die betekenis hiervan is?<br><br>Hierdie storie maak my so nuuskierig oor al die verskillende tradisies by troues! |
| "Die kos by my niggie se troue was heerlik. Daar was 'n groot buffet met kerrie en rys en samoesas. Dit is my gunsteling kos!" het Lerisha vertel. | O! Ek weet dat verskillende kulture verskillende kos bedien. **Ek wonder** of spesiale kos altyd deel van 'n troue is? |
| "Ons het nie kerrie of samoesas by die troue wat ek bygewoon het gehad om te eet nie. Daar was 'n groot troukoek wat met blomme versier was. Die bruid en die bruidegom het die koek gesny en koek op mekaar se gesigte gesmeer. Dit was so snaaks," het Hannah laggend gesê. | **Ek wonder** wat dit beteken om by 'n troue mekaar koek te voer? |
| "O, dit klink soos pret! Daar was nie kerrie, samoesas of koek by my suster se troue nie," het Zodwa gesê. "My ooms het 'n bees geslag. Toe het ons vleis en pap geëet en sorghummelk gedrink. Dit was heerlik."<br><br>"Ek het nooit daaraan gedink dat verskillende mense verskillende kos by troues eet nie," het Lerisha in gedagte gesê. | **Ek wonder** hoekom daar 'n bees geslag word? Ek **wonder** wat die betekenis van hierdie tradisie is? |
| "Dit was nou pret," het Hannah gesê. "Ek is mal daaroor om van verskillende tradisies te leer."<br><br>"O! Volgende week is dit Diwali, die fees van ligte," het Lerisha vertel. "Hoekom kom julle nie na my huis toe om oor te slaap nie?"<br><br>Die drie meisies het gelukkig klas toe gestap, terwyl hulle aan al die tradisies wat hulle kon deel gedink het. | **Ek wonder** hoe ek meer kan leer oor die betekenis van troutradisies? Miskien as ek op die internet navorsing doen, sal ek meer kan leer? |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| *Was jy al ooit by 'n troue? Watter troutradisie het jy aanskou?* | *Ek het gesien …* |
| Kan jy aan 'n troutradisie dink wat nie in die storie voorkom nie? | *(Laat leerders troutradisies deel wat in hul eie kultuur voorkom, of in ander kulture voorkom waarvan hulle weet.)* |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het die karakters verskillende tradisies aanskou by die troues wat hulle bygewoon het? | • Hulle het verskillende troues bygewoon.<br>• Hulle behoort aan verskillende kulture.<br>• Alle culture het hulle eie troutradisies.<br>• Daar is verskillende maniere om troues te hou en almal het 'n unieke styl waarvan hulle hou.<br>• Mense kies watter tradisies hulle deel van hulle troue wil maak. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- betekenis
- gaste
- bruid
- bruidegom

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Tradisies vertel my van my herkoms, daar is baie om van te kies | *Wys met jou vinger in die lug asof jy iemand leer* |
| soos hoe ons eet oor al die jare heen | *Wys hoe jy eet* |
| Melktert, koeksisters, bobotie en boontjiesop | *Tel op jou vingers die verskillende kosse af* |
| Al die lekkerste lekkernye van toeka tot nou. | *Wys met jou vinger oor jou skouer na agter (dit is vir toeka) en wys dan met jou vinger nou.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

**1** Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie…………..
'n Tradisie by 'n troue waarvan ek geleer het is, is ……..
Ek sal 'n prentjie van 'n ………. op die pot uitkerf.
Ek sal graag na 'n ……… troue wil gaan, omdat ……
**2** Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
**3** Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
**4** Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
**5** Kry die hele klas se aandag.
**6** Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
**7** Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
**8** Bedank die leerders vir hul bydrae.

WEEK 8

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die bord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. .

| | | |
|---|---|---|
| **rs** | **rt** | **a** |
| **o** | **e** | **b** |
| **k** | **w** | **s** |
| **h** | **u** | **r** |

#### DEMONSTRASIE

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/rs/**en **/rt/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die bord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/b/-/o/-/rs/= bors**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/rs/** of **/rt/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/r/-/e/-/k/ = rek**

#### LEERDERS DOEN...

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **rs, rt**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **bors, kers, koors, wors, skaars, hart, beurt, soort, kort, rek, brak, roes, reus, skreeu, swak**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE TEKS**

1. Roep die leerders tot aandag by hulle banke en sorg dat hulle hulle boeke, of ’n stuk papier, potlode en kryte by hulle het.
2. V**erduidelik** hoe jy iets van die teks kan **visualiseer en illustreer. Bv:** Ek wonder hoe Lerisha se niggie gelykhet op die troue.
3. Teken nou jou eie prentjie op die bord van ’n Vrou in ’n Sari met Mehndi op haar hande.
4. V**erduidelik** dat jy nou 2–3 sinne by jou tekening gaan voeg: Lerisha se niggie het ’n rooi Sari gedra. Sy het ook Mehndi op haar hande gehad.
5. V**erduidelik** nou aan die leerders dat hulle iets oor die teks gaan visualiseer.
6. Vra die leerders om hulle oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie weer vir hulle.
7. Die leerders kan nou hulle oë oopmaak en een ding visualiseer uit die storie.
8. Laastens, vra die leeders om te **draai en praat** en sodoende hulle prentjie met ’n maat te deel.

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE: ____________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 2

# Week 9

# TEMA:

## Feite of Fiksie

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: Bring ’n bordspelletjie wat Feite of Fiksie toets..
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor wat is die verskil tussen Feite en Fiksie.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 70 71, Ons Lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 72 en 73, Ons Skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 74 en 75, Ons Lees

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie en skryf een feit wat jy weet van diere.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prentjie van 'n seekat in die Grootboek storie **Het jy geweet?**
2. Vertel aan leerders dat julle begin met 'n nuwe tema wat **Feite of Fiksie** genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Wat is die verskil tussen 'n feit en fiksie?
   - **b** Noem sommige feite wat jy van weet?
   - **c** Waar leer ons feite?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - feit
   - fiksie
   - waarheid
   - onwaar

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons hou van fiksie | *Deel die klas in twee – die een helfte sê "Ons hou van fiksie"* |
| Ons hou van feite | *Die ander helfte sê – "Ons hou van feite"* |
| Kom ons gaan sit buite | *Wys met hulle arms na buite* |
| En lees saam aan ons fiksie en feite | *Wys hoe hulle lees* |

## Handskrif

15 minute

1. Sê die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Roep die volgende klanke/woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** ring
   - **b** bank
   - **c** held

- **d** wolk
- **e** tulp
- **f** mond
- **g** dans
- **h** tent
- **i** lamp
- **j** soms

**3** Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
**4** Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord..
**5** Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Gedeelde lees: 15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

**1** Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
**2** Maak die Grootboek oop by die storie: Het jy geweet?
**3** Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
**4** Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
**5** Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
**6** Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:
30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n lys met die opskrif **Feite wat ek ken** en **Feite wat ek oor wil leer.**

**OPDRAG:** Skryf 'n lys met opskrifte

**SKRYFRAAMWERK:**

Feite wat ek ken:
1 Ek weet dat ……
2 Ek weet dat ……

#### DEMONSTREER

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor feite wat hulle ken.
2. Lees die skryfraamwerk aan die leerders.
3. Wys na die **opskrif (Feite wat ek ken)** Verduidelik dat 'n opskrif vir ons verdudelik waaroor die lys gaan.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
5. V**erduidelik** idees aan die leerders hoe om die skryfraamwerk te voltooi: **Ek gaan feite oor Suif Afrika skryf wat ek ken.** Ek weet dat Suid Afrika Suid van Zimbabwe is. Ek weet dat daar 9 provinsies in Suid Afrika is.
6. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke word wat jy gaan skryf.**
7. **Verduidelik** hoe jy die eerste item op die lys gaan voltooi: **E**k weet dat Suid Afrika nege provinsies het.
8. **Verduidelik** hoe jy die tweede item op die lys gaan voltooi: **E**k weet dat Suid Afrika Suid is van Zimbabwe.
9. Sê **die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
10. **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.
11. Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.


#### VERBALE INSTRUKSIES

1. Vra aan leerders: Watter feite en julle alreeds?
2. Verduidelik dat hulle **moet dink voordat hulle skryf**.
3. Vra 2–3 leerders om aan jou een feit te vertel wat hulle ken.
4. Hulle moet sê: <u>Ek weet dat ..........</u>
5. Verduidelik dat die leerders nou 'n lys gaan skryf oor feite wat hulle ken.

**SKRYFWERK**

1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.
6 Moedig leerders aan .



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN KLANKE**

1 Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/-ng/ /-nk/ /-ld/ /-lk/ /-lp/ /-nd/ /-ns/ /-nt/ /-mp/ /-ms/ /-rg/ /-rk/ /-rm/ /-rp/ /-rs/ /-rt/**
2 Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individule leerders om die klanke te lees.
3 Plaas die klankekaarte op die bord.
4 Vra verskillende leerders om woorde op die bord te kom bou met die klankkaarte.
5 Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die bord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Bring die ring vir die bruid.

Die wurm loop op my arm.

WEEK 9

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 Minute


### Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER / EK WONDER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Het jy geweet?<br>Dit is onmoontlik om jou oë oop te hou as jy nies.<br>Gewoonlik, nies ons net ’n paar keer, maar ’n genies kan vir jare duur!<br>Die wêreldrekord vir die langste niesaanval was 976 dae! Kan jy jou verbeel hoe dit moet voel om vir soveel dae te nies? | **Ek kan visualiseer** hoe iemand weer en weer en weer nies. |
| Het jy geweet?<br>Beide kameelperde en mense het sewe werwels (bene) in hul nekke.<br>Kameelperde gebruik hulle lang nekke om blare vanaf die hoër boomtakke te kry. Dit beteken hulle kan by blare kan pluk wat die meeste ander diere nie kan by kom nie!<br>Kameelperde het ook lang tonge! ’n Kameelperd se tong is so lank dat hy sy eie oor kan lek! | Dit sê hier dat kameelperde en mense beide sewe werwels in hulle nekke het. Kameelperde het lang nekke – soveel langer as mense! Ek kan kameelperdwerwels langs menslike werwels **visualiseer**. Die kameelperd se werwels moet baie groter as die klein menselike werwels wees. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Het jy geweet?<br><br>Sjimpansees is na aan die mensdom. As gevolg hiervan het sjimpansees en mense ’n paar interessante goed in gemeen! Ons het beide hande met duime, wat ons help om goed vas te hou. Ons het ook soortegelyke gedrag in gemeen. Byvoorbeeld, beide mense en sjimpansees lag as hulle speel en gee drukkies om liefde te wys.<br><br>Hulle is baie slim diere. Hulle kan afgerig word om syfers te herken en hulle kan geleer word om syfers vinniger as ons te herken. | **Ek visualiseer** ’n sjimpansee se hand langs ’n mens se hand. Hulle het beide vingers en ’n duim. Ek kan die haririge sjimpansee hand langs ’n gladde mens hand visualiseer. |
| Het jy geweet?<br><br>Party diere kan die kleur van hulle vel baie vinnig verander. Hulle doen dit om hulself te kamoefleer as hulle moet wegkruip. Wanneer ’n verkleurmannetjie of ’n seekat van een oppervlak na ’n ander beweeg, verander hul vel na die kleur van die nuwe oppervlak. Dit help hulle om vir hulle vyande weg te kruip. | Ek kan a verkleurmannetjie wat voor blare staan **visualiseer**. Sy vel is groen. As dit beweeg en in die sand staan, verander sy vel van groen tot bruin, net soos die sand! |
| Het jy geweet?<br><br>Seediere soos robbe, walvisse en groot visse hou daarvan om seekatte te eet. Seekatte verander nie net van kleur om hulself te beskerm nie. Wanneer hulle bedreig voel, spuit hulle ’n inkagtige vloeistof uit hulle liggame uit wat die water rondom hulle verdonker. Dit pla en verwar hulle aanvallers! | Ek kan ’n walvis wat ’n seekat jaag **visualiseer**. Skielik spuit die seekat die inkagtige vloeistof in die water. Sy kamoefleer haarself! Ek kan die walvis wat verwar lyk visualiseer. |
| Het jy geweet?<br><br>Springbokke kan hoog en ver spring! Springbokke kan vier meter in die lug opspring! Die Afrika leeu kan ’n afstand van tien meter spring wanneer hy prooi jaag. Australiese kangaroes kan tot dertien meter spring. Goeie menslike atlete kan slegs agt meter hoog spring. | Ek kan ’n klein springbok **visualiseer** wat hoog in die lug opspring! Ek kan **visualiseer** hoe sy oor ’n bos spring. |
| Van al die springende diere, is die vlooi egter die kampioen! Dit kan tot driehonderd keer verder as sy eie lengte spring. Verbeel jou, as ’n vlooi ’n halwe sentimenter lank is, kan dit oor jou kop spring!<br><br>As mense soos vlooie kon spring, sou ons oor ’n sokkerstadium kon spring! | Ek kan myself as ’n superhero **visualiseer**, wat met gemak oor ’n sokkerstadium spring! Dit is baie hoog! Dit sê vir my dat vlie baie hoog kan spring! |
| Het jy geweet?<br><br>Daar is so baie interessante feite oor diere wat ons uit boeke kan leer! Watter nuwe feite het jy die meeste van gehou om te leer? | -- |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Watter diere kan hulself kamoefleer? | Verkleurmannetjies en seekatte |
| Watter dier het gedragte met mense in gemeen. | Sjimpansees het soortgelyke gedragte as mense. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Visualiseer al die feite wat jy uit die boek geleer het! Van watter feit het jy die meeste gehou om van te leer? | Ek het daarvan gehou om van … te leer |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - verkleurmannetjie
   - kamofleer
   - gedrag

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons hou van fiksie | *Deel die klas in twee – die een helfte sê "Ons hou van fiksie"* |
| Ons hou van feite | *Die ander helfte sê – "Ons hou van feite"* |
| Kom ons gaan sit buite | *Wys met hulle arms na buite* |
| En lees saam aan ons fiksie en feite | *Wys hoe hulle lees* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN WOORDE**

1 Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
2 Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3 As leerders nie 'n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die bord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Moenie die dwerg terg nie.

Oppas dat jy nie die lamp
omstamp nie.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n lys met die opskrifte: Feite wat ek ken en Feite wat ek van wil leer.

**OPDRAG:** Skryf 'n lys met opskrifte.

**SKRYFRAAMWERK:**

**Feite wat ek ken**

1 Ek weet dat ……..
2 Ek weet dat …….

**Feite wat ek van wil leer**

1 Ek wil weet ………
2 Ek wil weet ……..

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders
3 Vandag gaan hulle verkillende opskrifte skryf. Hulle gaan dan items onder die opskrifte skryf.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
5 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou lys in die nuwe gedeelte van die skryfraamwerk, bv: Ek wil so baie verskillende dinge weet. Ek wil weet watter land in Afrika het die meeste mense. Ek wil weet watter land in Afrika is die grootste.
6 V**erduidelik** hoe om die skryfraamwerk te voltooi: **Ek wil weet watter land in Afrika het die meeste mense.**
7 **Verduidelik** hoe jy die tweede item op die lys gaan voltooi: **Ek wil weet watter land in Afrika is die grootste.**
8 Sê **die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**

9 G**ebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met **w**oorde vir jou skryfwerk.
10 **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat l**eerders hul eie idees moet neerskryf**.

**VERBALE INSTRUKSIES:**

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag begin het met feite wat ons ken.
2 Vandag gaan ons skryf oor feite wat ons van wil leer.
3 Vra leerders: Wat is feite wat julle graag wil leer?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor watter idees hulle het oor tradisies.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel van een feit wat hulle van wil leer.
9 Hulle moet sê: **Ek wil weet van ............**
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!


**SKRYFWERK**

1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6 **Moedig leerders aan.**

**DRAAI EN PRAAT**

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se werk op ooghoogte in die klas. Dit sal help met besprekings oor die tema.*





Feite wat ek ken;

1. Ek weet dat koeie vir ons melk gee.
2. Ek weet dat skape vir ons wol gee.

Feite wat ek graag sal wil leer;

1. Ek wil weet plek het die meeste koeie.
2. Ek wil weet hoe maak mens wol.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 9 het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Opbreek van woorde deur te klank – Hersiening

**EK DOEN...**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **ring; sing**
2 Sê die woord: **ring**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/r/-/i/-/ng/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/r/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/i/**
6 Sê die endklank van die woord: **/ng/**
7 Skryf nou die woord op die bord: **ring**
8 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/r/-/i/-/ng/** = **ring**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **sing**

**ONS DOEN...**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **wins; wens**
2 Sê die woord: **wins**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/w/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/i/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ns/**
6 Vra 'n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/w/-/i/-/ns/**
7 Skryf die woord: **wins**
8 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/w/-/i/-/ns/** = **wins**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **wens**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________

## Gedeeldelees:

15 minute


### Herhaalde lees

**LEESSTRATEGIEË: MAAK AFLEIDINGS / VISUALISEER**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Het jy geweet?<br>Dit is onmoontlik om jou oë oop te hou as jy nies.<br>Gewoonlik, nies ons net 'n paar keer, maar 'n genies kan vir jare duur!<br>Die wêreldrekord vir die langste niesaanval was 976 dae! Kan jy jou verbeel hoe dit moet voel om vir soveel dae te nies? | **Ek visualiseer** hoe iemand vir 976 dae nies. Ek **wonder** of dit seer is om soveel keer te nies? |
| Het jy geweet?<br>Beide kameelperde en mense het sewe werwels (bene) in hul nekke.<br>Kameelperde gebruik hulle lang nekke om blare vanaf die hoër boomtakke te kry. Dit beteken hulle kan by blare kan pluk wat die meeste ander diere nie kan by kom nie!<br>Kameelperde het ook lang tonge! 'n Kameelperd se tong is so lank dat hy sy eie oor kan lek! | **Ek wonder** of daar enige dier in die wêreld is wat 'n langer nek as 'n kameelperd het? |
| Het jy geweet?<br>Sjimpansees is na aan die mensdom. As gevolg hiervan het sjimpansees en mense 'n paar interessante goed in gemeen! Ons het beide hande met duime, wat ons help om goed vas te hou. Ons het ook soortegelyke gedrag in gemeen. Byvoorbeeld, beide mense en sjimpansees lag as hulle speel en gee drukkies om liefde te wys.<br>Hulle is baie slim diere. Hulle kan afgerig word om syfers te herken en hulle kan geleer word om syfers vinniger as ons te herken. | Ek kan sjimpansees wat lag en mekaar druk **visualiseer**. Ek kan 'n harige sjimpansee wat nommers herken **visualiseer**. Ek **wonder** of sjimpansees die slimste diere is. |
| Het jy geweet?<br>Party diere kan die kleur van hulle vel baie vinnig verander. Hulle doen dit om hulself te kamoefleer as hulle moet wegkruip. Wanneer 'n verkleurmannetjie of 'n seekat van een oppervlak na 'n ander beweeg, verander hul vel na die kleur van die nuwe oppervlak. Dit help hulle om vir hulle vyande weg te kruip. | **Ek wonder** of daar enige ander diere is wat hulself kan kamoefleer. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Het jy geweet?<br><br>Seediere soos robbe, walvisse en groot visse hou daarvan om seekatte te eet. Seekatte verander nie net van kleur om hulself te beskerm nie. Wanneer hulle bedreig voel, spuit hulle ’n inkagtige vloeistof uit hulle liggame uit wat die water rondom hulle verdonker. Dit pla en verwar hulle aanvallers! | **Ek wonder** na watter kleure ’n seekat kan verander? Verander hulle net na die kleur van die water? |
| Het jy geweet?<br><br>Springbokke kan hoog en ver spring! Springbokke kan vier meter in die lug opspring! Die Afrika leeu kan ’n afstand van tien meter spring wanneer hy prooi jaag. Australiese kangaroes kan tot dertien meter spring. Goeie menslike atlete kan slegs agt meter hoog spring. | **Ek wonder** hoe hoog ek kan spring? |
| Van al die springende diere, is die vlooi egter die kampioen! Dit kan tot driehonderd keer verder as sy eie lengte spring. Verbeel jou, as ’n vlooi ’n halwe sentimenter lank is, kan dit oor jou kop spring!<br><br>As mense soos vlooie kon spring, sou ons oor ’n sokkerstadium kon spring! | -- |
| Het jy geweet?<br><br>Daar is so baie interessante feite oor diere wat ons uit boeke kan leer! Watter nuwe feite het jy die meeste van gehou om te leer? | Nadat ek hierdie boek gelees het, het ek oor soveel nuwe goed geleer! Hierdie feite maak my nuuskierig om selfs meer te leer |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| As mense so hoog soos vlooie kon spring, hoe hoog sou ons kon spring? | Ons sou oor ’n sokkerstadium kon spring! |
| Hoeveel werwels het mense en kameelperde in hulle nekke? | Hulle het sewe werwels. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Watter vrae het jy nadat jy dié boek gelees het? | • Ek wonder …<br>• Ek wil weet … |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- spuit
- vol ink
- steur
- aanvaller

| **Rympie of Liedjie** | **Aksies** |
|---|---|
| Ons hou van fiksie | *Deel die klas in twee – die een helfte sê "Ons hou van fiksie"* |
| Ons hou van feite | *Die ander helfte sê – "Ons hou van feite"* |
| Kom ons gaan sit buite | *Wys met hulle arms na buite* |
| En lees saam aan ons fiksie en feite | *Wys hoe hulle lees* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

**1** Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
Die teks is verskillend van 'n storie omdat ……..
Ek het geleer dat ……..
Ek het van/het nie van die teks gehou nie omdat ………
**2** Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
**3** Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
**4** Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
**5** Kry die hele klas se aandag.
**6** Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
**7** Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
**8** Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Teken die table op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **ng** | **nk** | **ld** |
| **a** | **s** | **t** |
| **lk** | **lp** | **nd** |
| **b** | **e** | **n** |
| **ns** | **nt** | **mp** |
| **k** | **u** | **l** |
| **ms** | **rg** | **rk** |
| **i** | **d** | **o** |

**WYS HOE**

1. Hersien al die klanke wat op die bord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.

**LEERDERS DOEN**

1. Leerders maak hulle boeke oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die bord te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE TEKS**

**1** Roep die leerders tot aandag by hulle banke en sorg dat hulle hulle boeke, of ’n stuk papier, potlode en kryte by hulle het.
**2** V**erduidelik** hoe jy iets van die teks kan **visualiseer en illustreer. Bv:** Ek ontou die feit dat ’n seekat ink kan spuit as hy aangeval word.
**3** Teken nou jou eie prentjie op die bord van ’n seekat wat ink spuit, en die water wat donkerder raak.
**4** V**erduidelik** dat jy nou 2–3 sinne by jou tekening gaan voeg: ’n Seekat kan ink spuit. Die ink maak die water donkerder.
**5** V**erduidelik** nou aan die leerders dat hulle iets oor die teks gaan visualiseer.
**6** Vra die leerders om hulle oë toe te maak en te ontspan. Lees die storie weer vir hulle.
**7** Die leerders kan nou hulle oë oopmaak en een ding visualiseer uit die storie.
**8** Laastens, vra die leeders om te **draai en praat** en sodoende hulle prentjie met ’n maat te deel.

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ______________________

**1** Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9**.
**2** Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
**3** Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
**4** Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
**5** Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
**6** Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
**7** Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
**8** Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
**9** Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 2

# Week 10

# TEMA:

## Feite of Fiksie

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde en illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: Bring ’n boek oor feite en ’n boek met fiksie.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor interessante feite oor die wêreld.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke en DVO Werkboeke gemerk en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 76 en 77, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 78 en 79, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 80 en 81, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie oor enige feit wat jy intrssant gevind het verlede week.

# Maandag

## Verbale Aktiwiteite 15 minute

**HERSIEN TEMA VAN VORIGE WEEK : ASSESSEER VORRIGE KENNIS.**

1. Wys aan leerders die prentjie van Gugu wat luister na Zolani in die Grootbeok: <u>Gugu se groot ontdekking</u>
2. Vertel aan leerders dat julle voortgaan met die tema wat **Feite of Fiksie** genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die bord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Hoekom het ons feite nodig?
   - **b** Hoekom het ons fiksie nodig?
   - **c** Wanneer dink jy is feite meer belangrik as fiksie?
   - **d** Wanneer dink jy is fiksie meer belangrik as feite?

**TEMA WOORDESKAT**

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - gehoor
   - misverstand
   - Mars
   - ruimte

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons hou van fiksie | *Deel die klas in twee – die een helfte sê "Ons hou van fiksie"* |
| Ons hou van feite | *Die ander helfte sê – "Ons hou van feite"* |
| Kom ons gaan sit buite | *Wys met hulle arms na buite* |
| En lees saam aan ons fiksie en feite | *Wys hoe hulle lees* |

## Handskrif 15 minute

1. Sê die leerders moet hulle boeke oop maak.
2. Roep die volgende klanke/woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** dwerg

- **b** vark
- **c** skerp
- **d** kerm
- **e** bors
- **f** hart
- **g** stamp
- **h** lint
- **i** kind
- **j** skulp

**3** Sê aan die leerders om nou 'n kleurkryt te gebruik om hulle eie werk te merk.
**4** Skryf die klanke/woorde duidelik op die bord..
**5** Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees: 15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Gugu se groot ontdekking
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n brief aan iemand by jou huis oor die mees interessantste feit wat jy nog geleer het.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief wat jou denke en idees uitbeeld

**SKRYFRAAMWERK:**

Beste …….

Ek het hierdie jaar geleer dat …………. en ………..

Maar, die mees interessantste feit wat ek geleer het was ……….

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag 'n brief gaan skryf aan iemand by die huis ('n ouer, grootouers, ooms of tannies of sibbe) oor wat hulle so vêr geleer heet die jaar.
2 V**erduidelik** dat hulle die briewe huis toe gaan vat aan die einde van die week. Hierdie brief sal vir iemand by die huis 'n idee gee oor wat jy geleer het by die skool.
3 Lees die skryfraamwerk aan die leerders.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
5 V**erduidelik** idees aan die leerders hoe om die skryfraamwerk te voltooi: Ek gaan aan my broer skryf. Ek onthou ons het geleer oor gevoelens, tradisies en selfs vervoer! Maar die onderwerp wat ek die meeste van gehou het, was die leesstuk oor Haile Gebrselassie in Kwartaal 1.
6 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord wat jy gaan skryf.**
7 **Verduidelik** hoe jy die skryfraamwerk gaan voltooi:
**Beste Nicholas**
**Hierdie jaar het ek geleer oor** tradisies, gevoelens en vervoer. **Maar die mees interssantste storie wat ek gelees het**, was oor Haile Gebrselassie.
8 Sê **die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
9 **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.
10 Vee jou voorbeeld af van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.


**VERBALE INSTRUKSIES**

1 Vra aan leerders: Waarvan het jy hierdie jaar die meeste van gehou?
2 Verduidelik dat hulle **moet dink voordat hulle skryf**.
3 Sê die leerders moet na mekaar **draai en praat** oor waarvan hulle die meeste gehou het.


4 Gee hulle 3–4 minute om te praat
5 Vra 2–3 leerders om vir jou te vertel waarvan hulle die gehou het.
6 Hulle moet sê: Die mees interessantste ding wat ek geleer het...........
7 Verduidelik dat die leerders nou die raamwerk gaan gebruik om die brief te skryf.

**SKRYFWERK**

1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.
6 Moedig leerders aan .




Liewe Sabi
Hierdie jaar het ek geleer van Wiskunde, gevoelens en om foute te is nie altyd 'n slegte ding nie. Maar die mees interessantste ding wat ek geleer het, was oor verskillende culture.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN KLANKE**

**1** Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/-ng/ /-nk/ /-ld/ /-lk/ /-lp/ /-nd/ /-ns/ /-nt/ /-mp/ /-ms/ /-rg/ /-rk/ /-rm/ /-rp/ /-rs/ /-rt/**
**2** Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individule leerders om die klanke te lees.
**3** Plaas die klankekaarte op die bord.
**4** Vra verskillende leerders om woorde op die bord te kom bou met die klankkaarte.
**5** Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

**1** Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die bord.
**2** Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
**3** Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Die vark snork as hy eet.

Soms is dit warm en soms

is dit koud.

**4**

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: EVALUEER**


| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| **<u>Gugu se groot ontdekking</u>**<br>Een Saterdagoggend het Gugu buite gespeel toe sy haar broer Zolani, met sy vriende hoor praat. "Ek het gelees dat daar dalk water op Mars is!", het hy hulle vertel. "Verbeel jou as daar water op Mars is, mag daar dalk lewe wees?" het hy hardop gewonder.<br>Gugu kon nie haar ore glo nie! Sy het nog nooit van lewe op ander planete gehoor nie. As Zolani sy vriende vertel moet dit waar wees! Hy is mal oor wetenskap het sy gedink. | O! Gugu glo dat dit wat haar broer sê feite is, want sy weet hy is mal oor wetenskap. **Ek reken** dat dit 'n fout kan wees! |
| Terwyl Gugu die heeldag gespeel het, het sy aan die water en lewe op Mars gedink. Sy het al klaar geweet dat Mars 'n rooi planet is. Sy het ook geweet dat Mars die vierde planeet van die son af is. Gugu het haar verbeel dat daar poele en riviere, mere en oseane op die rooi oppervlak van Mars is. | **Ek dink** Gugu is besig om dit wat sy haar *verbeel* oor Mars, met die *feite* wat sy van Mars weet, te verwar. |
| Daardie middag het Gugu se vriendin Yoza, by haar kom speel.<br>"Raai wat?" het Gugu vir haar gesê, "ek het vanoggend uitgevind dat daar water op Mars is en dat daar lewe is!"<br>"Is jy seker?" het Yoza skepties gevra.<br>"Ja! Dit is wat Zolani gesê het en hy weet alles!" het Gugu haar verseker.<br>"Watse tipe lewe is daar?" het Yoza gevra.<br>"Ek dink daar is ruimtewesens – soos groot groen ruimtewesens!" het Gugu haar vertel. | O! Gugu maak die **afleiding** dat "lewe", "groot groen ruimtewesens" beteken, al is dit nie wat Zolani gesê het nie. Ek **dink** sy misinterpreteer wat hy gesê het! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Hulle het binne gegaan en papier en vetkryt uitgehaal.<br>"Ek gaan Mars teken!" het Gugu aangekondig.<br>"O! Goeie idee! Ek ook!" het Yoza geantwoord.<br>Gugu en Yoza het ure lank prente geteken van die vreemde lewe op Mars. Gugu het haar verbeel die groot groen ruimtewesens sit op helder gekleurde strandhanddoeke. Yoza het groot groen ruimtewesens geteken wat in die grootste meer op Mars water spat. | Gugu en Yoza gebruik hulle verbeelding. **Ek dink** nie hulle besef dat hulle kreatiewe idees fiksie eerder as feite is nie. |
| Toe Yoza daardie aand huis toe gaan, het sy haar tekening saam geneem. Sy het by haar jonger sussie Bayethe gaan sit.<br>"Kyk! Dit is hoe Mars lyk!" het Yoza verduidelik.<br>"Wat is Mars?" het Bayethe nuuskierig gevra.<br>"Mars is 'n ander planeet. Dit is 'n rooi planeet met poele en riviere, mere en oseane! Daar is groot groen ruimtewesens wat daar woon en strand toe gaan!" het Yoza met selfvertroue gesê. | Ek sien dat Yoza haar tekening gebruik om haar klein sussie feite oor Mars te leer. **Ek dink** nie sy besef dat haar kreatiewe tekening fiksie eerder as feite is nie! |
| "Wie het dit vir jou vertel?" het Yoza se broer, Themba laggend gevra.<br>"Gugu het gehoor toe Zolani dit sê en Zolani ken wetenskap!" het Yoza gesê.<br>"Dit is nie wat Zolani gesê het nie!" het Themba gelag. "Zolani het gelees dat water op Mars ontdek is. Al daardie water is gevries! Daar mag dalk lewe wees. Alle lewe het water nodig. Hulle het nog niks ontdek nie,"het Themba verduidelik. | O! **Ek dink** toe Themba sy susters hoor praat het hy besef Yoza het feite met fiksie verwar. |
| Themba het sy foon uitgehaal en 'water op Mars' in Google ingetik. "Kyk," het hy gesê toe hy fotograwe vir Yoza en Bayethe wys.<br>"Moenie alles glo wat julle hoor nie!" het Themba gesê. | O! Die fotograwe verskil baie van wat Yoza geteken het. Ek **maak die afleiding** dat die fotograwe feite is. |
| Die volgende oggend, het Themba vir Zolani na kerk gesien. "Ek het 'n snaakse storie om jou te vertel," het Themba gesê. "Gugu het gehoor toe jy ons vertel het van die water wat op Mars ontdek is. Toe vertel sy vir Yoza dat daar poele en riviere, mere en oseane op Mars is! Ek het gehoor toe Yoza vir Bayethe van die groot groen ruimtewesens op die strande van Mars vertel het. Sy het dit soos feite laat klink!" het Themba vertel. Zolani het begin lag en sy kop geskud. | **Ek dink** Themba en Zolani dink albei dat Gugu en Yoza se misinterpretasie snaaks is. Gugu en Yoza dink hulle het die feite. Eintlik het hulle net 'n fiktiewe storie opgemaak wat snaaks klink. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Zolani het huis toe gegaan en sy suster gevind. "Ek het 'n snaakse storie om jou te vertel," het hy gesê. "Themba het gehoor hoe vertel Yoza vir Bayethe van die groot groen ruimtewesens op die strande van Mars. Yoza het Themba vertel dat jy dit by my gehoor het!"<br>"Ek het gehoor toe jy jou vriende vertel het van water en lewe op Mars!" het Gugu geantwoord.<br>"Water en lewe is anders as poele, riviere, mere, oseane en groot groen ruimtewesens!" het Zolani verduidelik. | Ek sien dat Gugu dit wat Zolani gesê het, gemisinterpreteer het. Sy het **gedink** dat water, poele en riviere, mere en oseane beteken. Die water wat op Mars gevind is, is eintlik klein hoeveelhede gevriesde water. |
| Daarna het hy die koerant vir haar gewys. "Jy moet eers die feite lees voor jy gerugte versprei!" het Zolani gesê, toe lees hy die artikel vir sy suster. | **Ek dink** Zolani wou seker maak dat Gugu verstaan dat die feite wat sy haarself verbeel het, verskil van die waarheid. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat het Zolani vir sy vriende gesê? | • Hy het hulle vertel dat daar water op Mars ontdek is.<br>• Hy het gewonder of daar lewe op Mars kan wees. |
| Watter tipe lewe het Gugu gedink kan dalk op Mars wees? | Sy het gedink daar mag dalk groot, groen ruimtewesens op Mars wees. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Gugu gedink daar is poele en riviere, mere en oseane, en groot groen ruimtewesens op Mars? | • Omdat syt gehoor het toe haar broer aan sy vriende vertel dat daar water en dalk lewe op Mars kan wees.<br>• Omdat sy wat haar broer gesê het oor water en lewe op Mars, gemisinterpreteer het.<br>• Gugu glo haar broer maklik, want hy is mal oor wetenskap.<br>• Gugu het nie haar feite na gegaan nie, en het geglo wat sy gehoor het.<br>• Gugu het nie geweet die water op Mars is gevries nie.<br>• Ens. |

WEEK 10



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- verbeelding
- vreemdeling
- planeet

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons hou van fiksie | *Deel die klas in twee – die een helfte sê "Ons hou van fiksie"* |
| Ons hou van feite | *Die ander helfte sê – "Ons hou van feite"* |
| Kom ons gaan sit buite | *Wys met hulle arms na buite* |
| En lees saam aan ons fiksie en feite | *Wys hoe hulle lees* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL (TWEEDE WEEK VAN DIE TEMA)

**1** Verdeel leerders in hul klein groepe
**2** Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
**3** Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
**4** Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
**5** Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
**6** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
**7** Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



WEEK 10

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN WOORDE**

1 Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
2 Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3 As leerders nie 'n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die bord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Ons tel 'n mooi skulp op
by die see.

In die veld in wilde diere.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf 'n brief aan iemand by die huis en vertel van die mees interessantste feit wat jy hierdiejaar geleer het.

**OPDRAG:** Skryf 'n brief wat jou gedagtes en idees weergee

**SKRYFRAAMWERK:**

Beste ………

Hierdie jaar het ek geleer van ………., ………… en ………

Maar die mees intressantste ding wat ek geleer het, was ……….

Ek het gehou daarvan om te leer van ……….. omdat ……….

My Graad 2 jaar was vir my …………

Groete

Cathy

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders
3 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
4 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou lys in die nuwe gedeelte van die skryfraamwerk, bv: Ek het gehou daarvan om te leer van Haile Gebrselassie, want ek het toe ook van Etiopië geleer. Ek het ook gehou daarvan om oor 'n atleet te leer, want ek is mal oor atletiek.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan gebruik. **Trek 'n streep vir elke woord.**
6 Sê **die woorde stadig en skryf die klanke/woorde wat hulle ken op die bord.**
7 **Verduidelik** hoe jy die skryfraamwerk gaan gebruik. **Ek het gehou daarvan om te leer** van Haile Gebrselassi, **want** hy kom van Etiopië af. Ek hou daarvan om prente te sien

van Etiopië en hoe dit daar lyk. **Ek het ook gehou daarvan** om vanhom te leer, want ek hou van hardloop en hy is 'n atleet.
Groete
Cathy

8 Ge**bruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met **w**oorde vir jou skryfwerk.
9 **Vee jou voorbeeld af** van die bord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat l**eerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES:

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag begin het om 'n brief te skryf.
2 Vandag gaan ons sinne by die brief las.
3 Vra leerders: Wat anders kan jy vir ons vertel van wat jy geleer het?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor wat hulle geleer het, waarvan het hulle gehou het en hoekom?
7 Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel van wat hulle gehou het.
9 Hulle moet sê: **Ek het daarvan gehou om te leer van ............ omdat ..........**
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!


## SKRYFWERK

1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6 **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor hul skryfwerk.


*Hang leerders se werk op ooghoogte in die klas. Dit sal help met besprekings oor die tema.*




Liewe Sabi

Hierdie jaar het ek geleer van Wiskunde, gevoelens en om foute te is nie altyd 'n slegte ding nie. Maar die mees interessantste ding wat ek geleer het, was oor verskillende culture.

Ek het gehou daarvan om van kulture te leer, want ek kon sien verskillende mense het verskillende dinge wat hulle doen. Oor die algemeen is ek opgewonde oor Graad 2.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 10 het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ŉ **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Opbreek van woorde deur te klank – Hersiening

**EK DOEN…**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **kerk; kurk**
2 Sê die woord: **kerk**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/k/-/e/-/rk/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/k/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/e/**
6 Sê die endklank van die woord: **/rk/**
7 Skryf nou die woord op die bord: **kerk**
8 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/k/-/e/-/rk/** = **kerk**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **kurk**

**ONS DOEN…**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **warm; wurm**
2 Sê die woord: **warm**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/w/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/rm/**
6 Vra ’n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/w/-/a/-/rm/**
7 Skryf die woord: **warm**
8 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/w/-/a/-/rm/** = **warm**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **wurm**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

WEEK 10

## Gedeeldelees: 15 minute

### Herhaalde lees


**LEESSTRATEGIEË: EVALUEER**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| **Gugu se groot ontdekking**<br><br>Een Saterdagoggend het Gugu buite gespeel toe sy haar broer Zolani, met sy vriende hoor praat. “Ek het gelees dat daar dalk water op Mars is!”, het hy hulle vertel. “Verbeel jou as daar water op Mars is, mag daar dalk lewe wees?” het hy hardop gewonder.<br><br>Gugu kon nie haar ore glo nie! Sy het nog nooit van lewe op ander planete gehoor nie. As Zolani sy vriende vertel moet dit waar wees! Hy is mal oor wetenskap het sy gedink. | **Ek onthou** dat Gugu geluister het en misverstaan wat Zolani gesê het! Ek **dink** sy moet die feite nagaan! Selfs al is Zolani lief vir wetenskap, beteken dit nie dat hy alles weet nie! |
| Terwyl Gugu die heeldag gespeel het, het sy aan die water en lewe op Mars gedink. Sy het al klaar geweet dat Mars ’n rooi planet is. Sy het ook geweet dat Mars die vierde planeet van die son af is. Gugu het haar verbeel dat daar poele en riviere, mere en oseane op die rooi oppervlak van Mars is. | **Ek dink** Gugu het dit wat haar broer gesê het gemisinterpreteer. Sy dink hy het iets bedoel oor water op Mars. Dit is nie wat hy gesê het nie! |
| Daardie middag het Gugu se vriendin Yoza, by haar kom speel.<br><br>“Raai wat?” het Gugu vir haar gesê, “ek het vanoggend uitgevind dat daar water op Mars is en dat daar lewe is!”<br><br>“Is jy seker?” het Yoza skepties gevra.<br><br>“Ja! Dit is wat Zolani gesê het en hy weet alles!” het Gugu haar verseker.<br><br>“Watse tipe lewe is daar?” het Yoza gevra.<br><br>“Ek dink daar is ruimtewesens – soos groot groen ruimtewesens!” het Gugu haar vertel. | Gugu vertel haar vriendin iets heeltemal anders as wat Zolani gesê het! **Ek dink** dit kan ’n probleem wees as jy glo wat jy hoor, sonder om eers die feite na te gaan! |
| Hulle het binne gegaan en papier en vetkryt uitgehaal.<br><br>“Ek gaan Mars teken!” het Gugu aangekondig.<br><br>“O! Goeie idee! Ek ook!” het Yoza geantwoord.<br><br>Gugu en Yoza het ure lank prente geteken van die vreemde lewe op Mars. Gugu het haar verbeel die groot groen ruimtewesens sit op helder gekleurde strandhanddoeke. Yoza het groot groen ruimtewesens geteken wat in die grootste meer op Mars water spat. | -- |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Yoza daardie aand huis toe gaan, het sy haar tekening saam geneem. Sy het by haar jonger sussie Bayethe gaan sit.<br>“Kyk! Dit is hoe Mars lyk!” het Yoza verduidelik.<br>“Wat is Mars?” het Bayethe nuuskierig gevra.<br>“Mars is ’n ander planeet. Dit is ’n rooi planeet met poele en riviere, mere en oseane! Daar is groot groen ruimtewesens wat daar woon en strand toe gaan!” het Yoza met selfvertroue gesê. | **Ek dink** die manier waarop Yoza oor haar tekening praat laat dit klink asof dit feite eerder as fiksie is. Sy stel haar kreatiewe idees voor asof hulle waar is, eerder as idees vanuit haar verbeelding! |
| “Wie het dit vir jou vertel?” het Yoza se broer, Themba laggend gevra.<br>“Gugu het gehoor toe Zolani dit sê en Zolani ken wetenskap!” het Yoza gesê.<br>“Dit is nie wat Zolani gesê het nie!” het Themba gelag. “Zolani het gelees dat water op Mars ontdek is. Al daardie water is gevries! Daar mag dalk lewe wees. Alle lewe het water nodig. Hulle het nog niks ontdek nie,”het Themba verduidelik. | **Ek dink** Themba wil seker maak dat Yoza besef dat die feite en wat sy haarself verbeel het verskil. |
| Themba het sy foon uitgehaal en ‘water op Mars’ in Google ingetik. “Kyk,” het hy gesê toe hy fotograwe vir Yoza en Bayethe wys.<br>“Moenie alles glo wat julle hoor nie!” het Themba gesê. | O! Themba gebruik Google om vir Yoza die verskil tussen feite en haar verbeelde idees te wys. Ek maak die **afleiding** dat Google een manier is om feite wat ons hoor na te gaan, om seker te maak dat dit waar is! |
| Die volgende oggend, het Themba vir Zolani na kerk gesien. “Ek het ’n snaakse storie om jou te vertel,” het Themba gesê. “Gugu het gehoor toe jy ons vertel het van die water wat op Mars ontdek is. Toe vertel sy vir Yoza dat daar poele en riviere, mere en oseane op Mars is! Ek het gehoor toe Yoza vir Bayethe van die groot groen ruimtewesens op die strande van Mars vertel het. Sy het dit soos feite laat klink!” het Themba vertel. Zolani het begin lag en sy kop geskud. | -- |
| Zolani het huis toe gegaan en sy suster gevind. “Ek het ’n snaakse storie om jou te vertel,” het hy gesê. “Themba het gehoor hoe vertel Yoza vir Bayethe van die groot groen ruimtewesens op die strande van Mars. Yoza het Themba vertel dat jy dit by my gehoor het!”<br>“Ek het gehoor toe jy jou vriende vertel het van water en lewe op Mars!” het Gugu geantwoord.<br>“Water en lewe is anders as poele, riviere, mere, oseane en groot groen ruimtewesens!” het Zolani verduidelik. | **Ek dink** dit is belangrik om ’n verbeelding te hê en kreatief te wees. Feite is ook belangrik. Ek **dink** dit is belangrik om nie kreatiewiteit en verbeelding met feite te verwar nie! |

| **Teks** | **Herhaalde lees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Daarna het hy die koerant vir haar gewys. "Jy moet eers die feite lees voor jy gerugte versprei!" het Zolani gesê, toe lees hy die artikel vir sy suster. | **Ek kan die afleiding maak** dat Zolani wil hê Gugu moet verstaan dat dit belangrik is om feite na te gaan. Dit kan 'n groot probleem veroorsaak as mense idees as feite versprei. |

| | |
|---|---|
| Opvolg vrae | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe het Zolani uitgevind dat sy suster dink daar is groot, groen ruimtewesens op die strande van Mars ? | Themba het gehoor hoe Yoza hulle jonger sussie Bayethe vertel. Themba het toe vir sy vriend Zolani vertel. |
| Maak 'n afleiding oor die boodskap van die storie. Wat dink jy is jy veronderstel om te leer by hierdie storie? | *Ek dink ek is veronderstel om te leer ...* |
| Hoekom vrae | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Zolani aan die einde van die storie vir sy suster 'n koerantartikel gelees? | • Zolani wou hê sy suster moet die feite hoor.<br>• Zolani se suster het die verkeerde inligting afgelei en hy wou vir haar die feite vertel.<br>• Zolani wou nie gehad het sy suster moet gerugte versprei nie.<br>• Zolani wou sy suster wys hoe belangrik dit is om die feite na te gaan |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik Donderdag **Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- gerug
- artikel
- navorsing

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Ons hou van fiksie | *Deel die klas in twee – die een helfte sê "Ons hou van fiksie"* |
| Ons hou van feite | *Die ander helfte sê – "Ons hou van feite"* |
| Kom ons gaan sit buite | *Wys met hulle arms na buite* |
| En lees saam aan ons fiksie en feite | *Wys hoe hulle lees* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die bord:
In hierdie storie ……..
Ek het gehou van ……..
Ek dink hierdie storie is geskryf om my te leer ………
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Teken die tabel op die bord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **ng** | **nk** | **rs** |
| **a** | **s** | **t** |
| **lk** | **lp** | **nd** |
| **b** | **e** | **n** |
| **rp** | **nt** | **mp** |
| **k** | **u** | **l** |
| **rt** | **rm** | **rk** |
| **i** | **d** | **o** |

#### WYS HOE

1. Hersien al die klanke wat op die bord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.

#### LEERDERS DOEN

1. Leerders maak hulle boeke oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die bord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die bord te skryf.

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**VERBALE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan gesels oor 2 goed wat hulle gedink het belangrik in die storie is: **Gugu se groot ontdekking.**
2 Hulle sal ook praat oor 'n **evaluasie** wat hulle oor die storie gedoen het.
3 Gee 'n demonstrasie om te wys hoe leerders 1–2 sinne kan gebruik om die detail van die storie te herhaal. Bv: **Ek het gehou daarvan** dat ons van Mars **geleer het** in die storie**, alhoewel dit 'n fiktiewe storie was. In my opinie,** die fout wat Gugu gemaak het, kon enigeneem gemaak het, hierdie fout word gereeld gemaak.
4 Hou die prentjies van die Grootboek op. Sê aan die leerders om na die prentjies te kyk en te dink aan wat gebeur het.
5 Sê aan leerders dat hulle moet dink waarvan hulle gehou het in die storie en waaroor hulle 'n **evaluasie** kan doen.
6 Vra 2–3 leerders om hul idees te **deel** met die klas. **Help** die leerders om volledige sinne te maak.
7 Verduidelik en korrigeer enige algemene uitspraak en taal foute aan leerders.
8 Sê aan leerders om om te draai en te praat en hul eie weergawe te deel met 'n maat. ***(Hulle moenie dit wat die juffrou gesê het memoriseer nie. Hierdie moet die leerders se eie idees wees!)***

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie aktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*